

HOOFSTUK III

Die São João (1552) en die São Bento (1554)

Porselein uit die Jiajing-tydperk (1522-1566)

Volgens die historikus, W.J. de Kock, in sy publikasie, “Portugese ontdekkers om die Kaap”, het “...die eerste opsienbare geval van ’n Portugese skipbreuk ... aan die Suid-Afrikaanse kus op 8 Junie 1552 voorgekom toe ’n swaar belaaide galjoen, São João, by die monding van die Umzimvubu¹ met oor die 600 persone aan boord gestrand het”.² Twee jaar later het nog ’n skip, die São Bento, op 22 April 1554, dieselfde lot te beurt geval.³ Hierdie twee skepe is die vroegste Portugese skepe wat van die Ooste op hulle terugvaart, aan die suidpunt van Afrika gesink het, waarvan skerwe en ander voorwerpe op die strande aangetref is. Die voorwerpe wat op die strande gevind is, en met hierdie wrakke verbind word, bied, onder meer, ’n groot aantal porseleinskerwe as navorsingsmateriaal uit die vroegste maritieme handelsverbintenisse tussen die Ooste en die Weste.

Die São João het op 3 Februarie 1552 van Cochin in Indië op die terugtog na Portugal vertrek.⁴ Geen inligting oor die presiese grootte van die skip word aangedui nie, maar dit is bekend dat dit een van die grootstes tydens die “Carreira da India” was.⁵ Axelson sluit hom aan by De Kock, en beskryf die swaarbelaaide skip as volg: “It is said that the merchandise in the ship, belonging to the king and others, was worth a million in gold, for a vessel so richly laden had not left India since it was discovered.”⁶ Die beskrywing word

¹ De Kock noem dat die huidige Port St. Johns waarskynlik sy naam aan die São João ontleen omdat daar voorheen vermoed is dat die skip daar gesink het. De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 225.

² *Ibid.*, p. 225. De Kock haal aan uit J. H. Van Linschoten, *Iti nerario* vol. II, Den Haag, 1910, p. 146.

³ *Ibid.*, p. 226.

⁴ K. M. Matthew, *History of the Portuguese navigation in India, (1497-1600)*, Delhi, 1988, p. 266. (Professor K.M. Matthew, was hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Bombay en Goa); De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 225.

⁵ Die “carreira de India” was die reis van Portugal na die Ooste en terug.

⁶ Theal, *Records of South-Eastern Africa*, vol. I, p. 134.

aangevul met 'n lys van die verskillende handelsware wat aan boord die São João was, terwyl kameoolse krale, edelgesteentes en porselein spesiaal vermeld word.⁷

Die São João was volgens beskrywings nie net oorlaai nie, maar ook met swak seile toegerus.⁸ Probleme om die verlangde hoeveelheid peper in die hande te kry, het veroorsaak dat die São João vertraag is en te laat uit Indië vertrek het om die gevreesde Kaapse storms te vermy.⁹ Hierdie roete is destyds as die gevaarlikste en mees inspannende van enige een ter wêreld beskou.¹⁰ Storms het die skip geteister en nadat die bemanning op 11 Mei, na ongeveer 70 dae op see, Tafelberg reeds in sig gehad het, is die São João weer eens deur 'n storm die diepsee in teruggedryf. Herhaalde storms het die skip verder geteister en uiteindelik, na 'n lang en moeisame reis, het dit op 8 Junie 1552¹¹ aan die suidkus van Natal gestrand. Die kaptein, Manuel de Sousa Sepúlveda, sy vrou, Leonora de Sa, wat van adellike afkoms was, hulle twee kinders en twintig man het eerste aan wal gegaan. Daar is verskeie kere na die boot toe teruggekeer voordat dit uiteindelik in die ontstuielige see vergaan het.¹² Sowat 500 oorlewendes het die strand bereik. Die oorlewendes het 'n tydlank op die plek waar die skip gestrand het gebly om soveel van die vrag as moontlik te probeer red en aan beseerdes geleentheid te bied om te herstel. Volgens joernale het 'n groep oorlewendes op 7 Julie 1552 die tog noordwaarts aangepak in die hoop om die naaste Portugese handelspos, Maputo, te bereik. Hierdie tog was die eerste van vele wat later deur ander Portugese skipbreukelinge aangepak sou word. Slegs 22 skipbreukelinge van die São João het uiteindelik oorleef om die verhaal te vertel wat in 1555 deur Alvares Fernandes geboekstaaf is.¹³ Die verskriklike ontberings wat deurgemaak is, het later deel geword van een van die klassieke verhale uit die 16de eeuse seevaartgeskiedenis.

⁷ Ibid.

⁸ Matthew sê dat die skip as 'n "galeo" beskryf word, 'n lading van 1 200 ton gedra het en 'n groot, goed gewapende handelskip was. Matthew, *History of the Portuguese navigation in India*, p. 266. Boxer sê dat daar geen vaste benamings is waarvolgens die grootte van 'n skip onderskei kan word nie. Die benaming "galeão" of "náo" en "fragata" wat gebruik is, dui op enige soort skip wat op die roete tussen die Ooste en die Weste gevaar het. Axelson, *Dias and his successors*, p. 39. Die São João en die São Bento is ook albei as "carracks" of "karake" beskryf. Kyk ook die bespreking in Hoofstuk I, van hierdie studie.

⁹ Spesifieke instruksies is uitgevaardig met betrekking tot die vertrekdatum uit die Ooste om die gevare van storms te vermy, maar is skynbaar nie noudeset toegepas nie. Kyk Matthew, *History of the Portuguese navigation ...*, pp. 163-4.

¹⁰ Volgens 'n brief geskryf deur 'n Italiaanse Jesuïet in 1547. Kyk Axelson, *Dias and his successors*, p. 39.

¹¹ Die datum wat Matthew aanhaal, verskil van dié van ander verwysings en noem 24 Junie as die datum waarop die skip gestrand het. Matthew, *History of the Portuguese navigation in India*, p. 266.

¹² Theal, *Records of South-Eastern Africa*, p. 134.

¹³ Matthew, *History of the Portuguese navigation in India*, p. 266.

Die laaste rusplek van die São João was vir meer as vierhonderd jaar 'n goed bewaarde geheim. Die porseleinskerwe wat op die strand by Port Edward en in die omgewing uitgespoel het, was die eerste tekens dat daar 'n skeepswrak met Chinese porselein aan boord in daardie omgewing lê. Dit het eers gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu duidelik geword dat hierdie omgewing die plek is waar die São João ondergegaan het.¹⁴

Op 1 Februarie 1554, twee jaar ná die São João, het nog 'n skip, die São Bento, 'n "nau,"¹⁵ in ongeveer dieselfde omstandighede, Cochin onder die kapteinskap van Fernão de Alvares Cabral verlaat. Dieselfde lot het hierdie skip getref en dit het net soos die São João ook aan die Suid-Afrikaanse kus gesink. Die kaptein was bewus van die lot wat die skipbreukelinge van die São João getref het omdat een van die oorlewendes van die São João ook aan boord van die São Bento was. Die 332 oorlewendes is geen ander keuse gelaat nie as om ook Maputo te probeer bereik nie en het op 27 April 1554 noordwaarts vertrek.¹⁶ Ná dertien dae is daar op die wrak van die São João, wat twee jaar vantevore gestrand het, afgekom. Na talle ontberings soortgelyk aan dié wat die oorlewendes van die São João ondervind het, het net 56 Portugese en 6 slawe van die São Bento op 12 November by die inboorlingkaptein Inhaca aangekom. Daar het hulle 5 maande lank gebly, en was hulle so te sê slawe van die kaptein. Slegs 20 Portugese en 3 slawe het oorlewe, en is op 2 April 1555 deur 'n Portugese skip in Maputo opgelaa en na Lissabon geneem.¹⁷

Die verslag oor die lot van die São Bento is aangeteken deur Manuel de Mesquita Perestrelo, wat 'n bemanningslid was, en het in 1564 in Lissabon verskyn.¹⁸ Dié joernaal bevat belangrike inligting oor die stranding van die skip wat van onskatbare waarde is, maar skiet in baie opsigte te kort weens verskeie faktore en daar kan dus nie veel op

¹⁴ Maggs, "The great galleon São João", *Annals of the Natal Museum*, vol. 26 (1), p. 180.

¹⁵ 'n "Nau" is beskryf as 'n klein elegante skip wat voor 1520 nie meer as 400 ton kon dra nie, maar wat tussen 1521 en 1557 tot soveel as 900 ton kon dra. Dit was 'n handelskip wat vir sy grootte goed gewapen was maar teen die einde van daardie eeu was dié skepe veel groter en was destyds van die grootste skepe. Matthew, *History of the Portuguese navigation in India*, pp. 289-290.

¹⁶ *Ibid.*, pp. 266-267.

¹⁷ Axelson, *Dias and his successors*, pp. 53, 54.

¹⁸ Theal, *Records of South-Eastern Africa*, pp. 218 - 285. English translation of pages relating to South Africa, from the *Historia Tragico-Maritima*, vol I, Lisbon, 1735, pp. 39-168. De Kock wys daarop dat hierdie boek die eerste een was wat uitsluitlik oor gebeure op die Suid-Afrikaanse bodem handel. Kyk De Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 227 - 228.

gesteen word wanneer daar na 'n wrak gesoek word nie.¹⁹ Bespiegeling oor waar hierdie twee wrakke hulle presies bevind, was jare lank die rede vir verskeie soektogte aan die Suid-Afrikaanse kus, maar sonder enige sukses. Die enkele hengelaars wat die vroeëre Transkeise kus in die omgewing van die Msikabariviermonding besoek het, het lankal geweet van porseleinskerwe en karneoolse krale wat daar uitspoel.²⁰ In 1969 het 'n duiker op 'n aantal kanonlope in die riviermonding afgekom waarna hy en ander duikers dié vonds vir tien jaar lank geheim gehou.²¹ Navorsers van die Natal-Museum het minstens 18 bronskanonne aan wal gebring en besef dat dit van 'n Portugese wrak afkomstig moet wees.²² Van watter wrak dit afkomstig was, was onseker. Die São João²³ of die São Bento²⁴ was die sterkste moontlikhede. C. Auret en T. Maggs²⁵ het die wrak aan hand van die beskrywing van Perestrelo geïdentifiseer waarin 'n eiland genoem word, die datering van 'n goue munt, en die groot hoeveelhede keramiekskerwe.

Die identifikasie van die São Bento het ongetwyfeld daartoe gelei dat die plek waar die São João gesink het, bepaal kon word. Die São Bento-oorlewendes se beskrywing dat hulle die wrak van die São João op hulle noordwaartse staptog teëgekom het, het bevestig dat die wrak noord van die São Bento lê.²⁶ Maggs het persoonlik die presiese roete van die São Bento-skipbreukelinge gestap deur die beskrywings in die joernaal van Perestrelo te volg, in 'n poging om die plek vas te stel waar die São João gesink het. Weer eens was dit die keramiekskerwe, saam met sekere ander bakens, volgens die beskrywing in die joernaal, wat Port Edward as die plek bevestig het waar die São João gesink het.²⁷ In die

¹⁹ Kyk ook Hoofstuk I.

²⁰ C. Auret and T. Maggs, "The great ship São Bento, remains from a mid-sixteenth century Portuguese wreck on the Pondoland coast," *Annals of the Natal museum*, 1982, p. 1.

²¹ Hulle het telkemale probeer om van die kanonne en ander voorwerpe uit te duik, skynbaar sonder veel sukses. Die Natal-Museum is later oor die wrak ingelig waarna daar met 'n bergingsoperasie begin is.

²² Van die kanonne wat aan wal gebring is, het 'n paar skaars herkenbare inskripsies van die Portugese koninklike wapen bevat maar geen datums is daarop leesbaar nie.

²³ A. Rowland, "Has Pondoland's richest wreck been found?" *Natal Mercury*, 1970-05-26, p. 13.

²⁴ D. Thomas and B. Frean, "The find of a lifetime – the bronze cannons that keep the experts guessing", *The Daily News*, 8 February, 1978, p. 4, en "Wild Coast's eight big shots arrive", *The Daily News*, 26 March 1979, p. 2.

²⁵ C. Auret, is 'n inwoner van Kokstad en entoesias wat saam met die argeoloog, T. Maggs van die Natalse Museum die ondersoek na die wrak onderneem het.

²⁶ Theal, *Records of South-Eastern Africa*, p. 234.

²⁷ Behalwe die skerwe wat reeds lank aan inwoners en besoekers aan die strande van Port Edward en omgewing bekend is, het 'n skubaduiker ook 'n gedeelte van 'n kanon se loop in die omgewing van die Mtamvunariviermonding gevind. Volgens die navorsers van die Natal-Museum kom hierdie kanonloop ooreen met dié van die São Bento en word die Port Edward-omgewing as die plek beskou waar die São João waarskynlik gesink het.

woorde van Axelson: “Once again, dating of the blue and white Chinese porcelain was an important factor in establishing the time parameters of the Port Edward wreck site.”²⁸

Gedurende die tydperk waarin die São Jão en die São Bento porselein ingeskep het, het die Portugese nog nie regstreekse toegang tot Chinese hawens gehad nie, omdat seehandel sedert die Tianshun-tydperk (1457-64) verbied is en dié verbod eers aan die einde van die Jiajing-tydperk in 1557 opgehef is. Porselein is gedurende dié tydperk by wyse van smokkelhandel in die hande gekry, asook van ander hawens in die omgewing, waar dit deur Chinese jonke of Arabiese handelaars verhandel is.²⁹ Gevolglik het die porselein wat op hierdie manier aangekoop is, Europa sonder enige aanduiding van waar dit afkomstig was, bereik. Die moontlikheid bestaan dat porselein ook in Indië bekom is,³⁰ aangesien die Portugese op daardie tydstip op groot skaal met Indië handel gedryf het.³¹

Die Chinese het nie boek gehou van die soort ware wat uitgevoer is nie. Voorwerpe is selde gemerk, sodat daar geen aanduiding is van die oonde waar dit gemaak is nie. Die Portugese het waarskynlik self ook nie hierdie ware op hulle vragbriewe aangeteken nie. Indien daar wel op daardie tydstip iets oor die oorsprong van ’n porseleinlading aangeteken was, is dit onwaarskynlik dat dit so lank behoue sou gebly het. Soos aangedui in Hoofstuk I,³² het die groot brand van 1755 in Lissabon ’n groot deel van die argief in puin gelê. Navorsing oor 16de-eeuse Chinese porselein moet dus staatmaak op brokkies inligting wat uit verskeie bronne saamgeflans is, in ’n poging om meer oor die bronne, die produksie, die aard van voorwerpe en die tydperk waarin dit vervaardig is, te wete te kom.

Die porselein wat aan boord van die twee skepe was, pas in by die Jiajing-tydperk (1522-66) van die Ming-dinastie.³³ Weens die stormagtige omstandighede waarin die skepe

²⁸ Axelson, *Dias and his successors*, p. 52.

²⁹ Boxer, *Fidalgos in the Far East*, p. 3.

³⁰ In 1563 het ’n Venesiese handelaar tydens sy besoek aan Indië geskryf dat die handelsware wat in die hawe van Chaul, noord van Goa, beskikbaar was, Chinese porselein ingesluit het. M. C. Fredericke, *The voyage and travel of M. Caesar Fredericke, merchant of Venice into the East India, and beyond the Indies, Principal voyages traffiques and discoveries of the English nation*. R. Hakluyt, vol. 3, London, 1926, soos aangehaal deur C. Sassoon, “Chinese porcelain marks from coastal sites in Kenya: aspects of trade in the Indian Ocean, XIV-XIX centuries.” *British Archaeology Reports, International series (supplementary)* 43, 1978, p. 8.

³¹ B. Gray, “The export of Chinese porcelain to India,” *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 36, 1964-66, pp. 21-37. Kyk ook, Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, vol. 1, pp. 31-36.

³² Kyk hoofstuk I van hierdie studie wat oor primêre dokumente handel.

³³ L. V. Esterhuizen, “Dekoratiewe motiewe op keramiekskerwe van die Ming-dinastie uit 16de-eeuse Portugese

gesink het en die rowwe see aan die kus waar die wrakke lê, het daar waarskynlik geen heel voorwerpe in hierdie twee wrakke behoue gebly nie. Die São Bento se wrak is gedeeltelik deur 'n eiland beskerm wat as keerwal gedien het en die lang sandstrand is waarskynlik die rede vir die groter skerwe wat daar voorkom. Die São João, daarenteen, het in 'n besondere rotsagtige gebied gestrand wat ook aan die oop see blootgestel is en die skerwe is dus oor die algemeen in kleiner stukkie gebreek en is meer verweerd. Baie van die skerwe uit hierdie twee skepswrakke is in verskeie museums in die land, terwyl die meeste skerwe (en moontlik enkele heel voorwerpe?) in privaat besit is.

Die vraag van 'n skepswrak bestaan uit voorwerpe wat kort voor die vertrek van die skip gemaak is, hoewel daar geen sekerheid is dat daar voorwerpe aan boord kon wees wat aansienlik vroeër gemaak is nie. Soos reeds aangedui, omdat daar 'n afsnydatum is toe die skip gesink het, is daar wel sekerheid dat die voorwerpe nie later as die tydperk waarin die skepe vergaan het, gemaak is nie en datering kan dus met groter sekerheid gedoen word. Die skerwe wat by hierdie twee skepe uit die middel van die 16de eeu aan die ooskus van Suid-Afrika agtergelaat is, bied 'n oorsig van die soort voorwerpe wat deur die Portugese aan die Europese markte bekendgestel is. Die algemene eienskappe wat deur navorsers aan die Jiajing-tydperk toegeskryf word, kan met dié van hierdie skerwe vergelyk word. Dit geld veral vir uitvoerware, want porselein wat gedurende dié tydperk vir die uitvoermark gemaak is, het tot dusver min aandag as studie-onderwerp geniet.³⁴ Boonop bevat porselein uit dié tydperk geen merke wat enigsins op 'n datum dui nie, en geen geskrewe dokumentasie uit die 16de eeu bestaan waarvolgens vasgestel kan word in watter mate die standaard van uitvoerware verskil van dié wat vir plaaslike en imperiale ware gebruik is nie, daarom is dit moeilik om die uitvoerware as 'n groep uit te sonder. Gedurende die afgelope dekade is verskeie teorieë oor die aard van hierdie groep porseleinware gepubliseer, sonder dat daar met die nodige voorbeelde ter staving daarvan vorendag gekom is. Die teorieë weerspreek mekaar sodat daar geen sekerheid is oor wat presies gedurende hierdie tydperk vir die uitvoer-, plaaslike- en imperiale mark gelewer is

skepswrakke aan die Natalse en Transkeise kus", M.A.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1989, pp. 202-210. Kyk ook L. V. Esterhuizen, "Chinese Ming blue and white porcelain recovered from 16th and 17th century Portuguese shipwrecks on the South African coast", *Revue annuelle de la Société française d'Étude de la Céramique orientale*, no. 1, Oct., 2000, pp. 93-99, asook L. V. Esterhuizen, "History written in porcelain sherds: two early Portuguese shipwrecks on the South African coast, São João (1552) and São Bento (1554)", *Actes du colloque de la Société française d'Étude de la Céramique orientale*, 23-24 Nov., 2000.

³⁴ Kyk ook die bespreking oor hierdie onderwerp in: Clunas, "Research display of 16th century Chinese ceramics", *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 58, 1993-4, pp. 23-32.

nie. P. Y. K. Lam, direkteur van die Kunsmuseum van die Universiteit van Hong Kong, verwys in 'n artikel na verrassende argeologiese vondse wat onlangs in China ontdek is toe provinsiale porselein in Chinese grafte gevind is. Navorsers het voorheen gemeen dat hierdie soort ware alleenlik vir uitvoer gemaak is.³⁵

Vir die doel van die bespreking van die skerwe uit hierdie wrakke, word onderskei tussen drie kwaliteite, A, B en C, op grond van die porseleinklei, die kleur van die skildermedium (kobalt) die versieringstyl en ander eienskappe van elke skerf.

Groep A verteenwoordig die hoogste kwaliteit, waar die porseleinliggaam fyn, kompak en byna spierwit voorkom.³⁶ Die versierings is in hierdie gevalle ook in suiwer en helder blou geskilder in fyn lyn met netjiese “wash” inkleding. Die versieringsmotiewe sluit 'n verskeidenheid fyn geskilderde blomontwerpe, vrugte, bessies en blare in. Voëls kom ook voor, maar poue is veral fyn en delikaat uitgebeeld in besonder helder blou asof dit in 'n groep val wat vir 'n ander mark bedoel is.³⁷

Groep B verteenwoordig die grootste aantal skerwe en toon 'n gemiddelde kwaliteit wat as “minyao” of as algemene ware beskryf kan word. Die kwaliteit van die porseleinliggaam is van 'n medium gehalte en die versierings is nie so fyn en noukeurig uitgevoer as wat dit in Groep A die geval is nie. Die buitelyn is effens dikker, ingevul met “wash” wat dikwels onnet oor die buitelyn geskilder is en is in 'n bepaalde styl uitgevoer wat getuig van vinnige skilderwerk met 'n geoefende hand. Die motiewe is kenmerkend van 'n produksielyn wat in massas herhaal is en kom verreweg die meeste voor. Die algemeenste motiewe is lotusblomme, pioenrose, krisante en ander blomme, gekombineer met krullende lotusranke en drie- tot vyfpuntblare.³⁸ Lotusblare en ander waterplante is ook algemeen. Mitologiese diere soos drake, “qilins” en honde van Fu wat met 'n

³⁵ Verskeie artikels is in China in die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige (20ste) eeu vir die Nanjing-Museum geskryf. Wang Zhimin, “Blue and white porcelain unearthed from the Yudaihe in the former Ming palace in Nanjing”, *Zhongguo taocu*, 1982:3, pp. 53-57, 57-63, 67-69 en Huo Hua (et al), *A legacy of the Ming ceramic finds from the site of the Ming Palace in Nanjing*, Hong Kong, 1996 (Titels uit Chinees in Engels vertaal). Hierdie publikasies was tot onlangs vir die meeste Westerse navorsers onbekend en ontoeganklik. Kyk P. Y. K. Lam, “Dating criteria for Chinese blue and whites of the late 15th century from shipwrecks”, pp. 2-3.

³⁶ Die term ‘spierwit’ is nie heeltemal van toepassing nie, omdat die porseleinklei altyd 'n effens blou-groen tint toon. Hierdie tint is egter 'n suiwer tint en kom nie grys voor nie soos dit by sommige voorwerpe, waarskynlik provinsiale voorwerpe, wel die geval is.

³⁷ Een van die skerwe wat by Msikaba gevind is, toon 'n besonder delikate uitbeelding van 'n pou uitgevoer in 'n helder en suiwer kobaltkleur. Die skerf bevat 'n seskaraktermerk van die Xuande-tydperk. Kyk Addendum B (ii), Afbeelding: 4 (a) en (b), (v. 40: Motief: 0710).

³⁸ Kyk Addendum B (i), (v. 40. Motief: 0271, 0288, 0352, 9356, 0360).

brokaatbal speel, fenikse, reiers en ander kleiner voëlsoorte, vrugte en bessies kom ook dikwels as versieringsmotiewe in hierdie groep voor.³⁹

Groep C bestaan uit 'n groep skerwe waarvan die porseleinliggaam onsuiver van kleur is en bevat 'n gryswit, vuilwit of pienkerige kleur. Die kleur van die kobalt vertoon normaalweg onsuiver met 'n inkerige tint. Uitsonderings kom egter voor waar die kleiliggaam grof vertoon en die kobalt besonder diepblou en suiwer is. Die motiewe sluit mitologiese diere in soos drake, "qilins" en fenikse asook in 'n mindere mate blommotiewe. Die versieringstyl is sketsagtig en in breë vloeiende lyne. Die buitelyne is soms baie donkerder as die "wash" waarmee dit ingeklee is, maar in die meeste gevalle is geen buitelyne gebruik nie en is die kontoere in die uitbeelding geskep deur die kunstige manipulasie van die kwas. Bekende motiewe is soms só los geskilder dat die motief, as dit nie vir die bekendheid daarvan is nie, skaars herkenbaar sou wees. Die glasuur vertoon in baie gevalle 'n sterk groen tint en is soms besonder dik aangewend. Krakies is in die glasuur van sommige van die skerwe teenwoordig. Skerwe van soortgelyke gehalte en versierings is ook by Kilwa en Madagaskar gevind.⁴⁰

By die skerwe van die São João en die São Bento, kom hoofsaaklik aaneenlopende en herhalende rand- of bandmotiewe voor.⁴¹ Geen onderbroke of saamgestelde randmotiewe is tussen hierdie skerwe gevind nie. 'n Enkellyn, dubbellyne of driedubbele lyne rond alle randversierings af en kom aan die buitekant, sowel as die binnekant van oop- en toe vorms voor. Die randmotiewe is aan albei kante van 'n voorwerp aangebring, selfs aan die binnekant van toe vorms soos aan die bokant van die nek van 'n vaas of bottel. Dit is selde dat dieselfde motief wat aan die een kant van 'n voorwerp voorkom, ook aan die ander kant van die rand van dieselfde voorwerp herhaal word. In die meeste gevalle verskil dié motiewe van mekaar.

Die randmotief wat die meeste by albei die wrakke teenwoordig is, is die klassieke diamantkruismotief en variasies daarvan. Hierdie motief is ingewikkeld saamgestel met drie lyne wat mekaar saam kruis om 'n diamant te vorm waarin 'n diamantvormige blok

³⁹ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0825, 0836, 0854, 0888, 0895, 0891 en 0893).

⁴⁰ Kyk Sassoon, "Chinese porcelain marks from coastal sites in Kenya", p. 27, asook E. Vernier and C. Millot, *Archéologie Malgache comptoirs musulmans*, pp. 94 en 108.

⁴¹ Randmotiewe omvat aaneenlopende motiewe binne en buite om die buiterand van 'n voorwerp. Bandmotiewe is dieselfde soort motiewe wat op 'n ander deel van die voorwerp, horisontaal voorkom soos om die voetstuk, om die skouer, om die knop van 'n deksel, sykant van 'n bakkie en so meer. Omdat dieselfde motiewe enige deel van die voorwerp versier, word albei terme gebruik.

met 'n kruisie in voorkom.⁴² Die motief is in baie gevalle, besonder fyn en noukeurig geskilder wat as Groep A klassifiseer, maar is ook minder netjies tot redelik slordig uitgebeeld as Groep B en C kwaliteit. Dit is onwaarskynlik dat dié motief van patrone of sjablone gekopieer is,⁴³ omdat elke voorwerp se randmotief van een voorwerp tot 'n ander in grootte verskil.⁴⁴ Omdat die motief so moeilik uitvoerbaar is, is dit waarskynlik die rede waarom dit na die Jiajing-tydperk selde meer voorgekom het.⁴⁵ Ander diamantmotiewe wat minder ingewikkeld is, toon verskeie klein variasies en dit is moeilik om elkeen afsonderlik te beskryf. Die meeste is kenmerkend van hierdie tydperk maar is in later tydperk steeds om voetstukke of bo om vaasopening gebruik.⁴⁶

Die wolkekrul- en wolkekraag- of “cloud collar”-motief is, soos reeds bespreek, van die oudste motiewe en het vele variasies. Die eenvoudigste vorm van dié motiewe is wolkekrulle wat in verskillende vorms voorkom, maar die meer gestileerde vorms daarvan is die wolkekraagmotief. Die meeste naslaanwerke verwys daarna as: “Lambrequins”, en “ruyi”- of septer-kopmotiewe.⁴⁷ Hierdie rand- en bandmotiewe wat op skerwe voorkom, is almal aaneenlopende motiewe.

Die sogenaamde “thunder”- of donderwolk-variasie is ook op die wolkmotief gebaseer wat tot 'n geometriese motief soos die sleutelmotiewe gestileer is. Heelwat variasies van hierdie motiewe kom as rand- en bandmotiewe voor.⁴⁸ Naas die genoemde motiewe kom die volgende randmotiewe ook voor: driekrul- (“trefoil”), driehoek-, veer-, hakie- en dubbele-hakie-motief.⁴⁹

⁴² Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0002 en 0059)

⁴³ Lam maak melding van die gebruik van patroonboeke en sjablone wat deur porseleinversierders gebruik is. Kyk Lam, “Dating criteria for Chinese blue and whites of the late 15th century from shipwrecks”, pp. 2-3. Kyk ook, Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, pp. 147, 151.

⁴⁴ Hierdie besondere motief kom af en toe op voorwerpe voor wat aan die Chenghua-tydperk (1465-1487) toegeskryf word. 'n Illustrasie in Addis, *Chinese ceramics from dateable tombs* afb. 28 (a, b, c) toon 'n vaas met dieselfde randmotief maar dit word aan die Yuan-typerk toegeskryf.

⁴⁵ Slegs sowat 5 skerwe uit die wrakke van die laat 16de- of vroeg 17de-eeu bevat 'n soortgelyke motief. Dit is nie by enige van die ander latere wrakke gevind nie.

⁴⁶ Kyk die bespreking van die moontlike oorsprong van die motief in B. Gray, *Studies in Chinese and Islamic art*, vol. I, pp. 97-100. Kyk ook die artikel deur S. Cammann, “The symbolism of the cloud collar”. *Art bulletin*, vol. 33, March, 1951, pp. 1-9 en Pope, *Fourteenth century blue-and-white*, p. 45.

⁴⁷ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0010 en 0015).

⁴⁸ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 0037, 0038, 0047, 0051 en 0731).

⁴⁹ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 0010 en 0028).

⁴⁹ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 0023, 0028, 0080, 0085, 0087)

Brandermotiewe kom algemeen as rand- en bandmotief voor. Drie soorte brandermotiewe word onderskei, naamlik konsentriese halfmaanvormig, geskulp en “serpentine” branders. Dit is gebruik om ruimtes in te vul en agtergrond te verskaf vir motiewe wat met water verband hou. Geskulpte brandervorms word ook as agtergrondmotief gebruik.⁵⁰ Die sogenaamde “serpentine” branders, is ’n regop motief en is met kurwende lyne uitgebeeld en word as randmotief asook in sentrale motiewe gebruik.⁵¹ Dié motief wat op skerwe by Msikaba (São Bento) gevind is, is saam met kolle tussenin uitgebeeld.⁵² Moontlik verteenwoordig die kolle stukkies skuim wat in die lug opspat, of dit beeld waarskynlik pêrels uit. Hierdie motiewe kom by albei wrakke voor en kom by groepe A en B as motief voor.

Blomblaar- en meeldraadmotiewe, bekend as “petal diaper”-motief, toon die deursnit van ’n blom met kroonblare en meeldrade wat skuins oormekaar geplaas is om ’n herhalende randmotief te vorm. Die motief kom by die twee wrakke voor, veral op mediumgrootte borde met ’n plat gelobde rand, waarvan die cavetto vertikale insnydings toon.⁵³ Die eienskappe van hierdie soort borde is kenmerkend van die B-groep.

Klassieke krulpatrone of “Classic scrolls” is een van die oudste motiewe en ’n gestileerde vorm daarvan kom as randmotief voor.⁵⁴ Dit toon ’n sterk ooreenkoms met die meanderontwerp en blaarranke as motiewe en dit is soms moeilik om te onderskei.⁵⁵ Hierdie motiewe is algemeen op skerwe van albei wrakke en is van die kenmerkendste motiewe wat sedert die vroeë Ming-tydperk op porselein gebruik is, maar kom na die Jiajing-tydperk nie meer dikwels voor nie.

Lotuspaneel- en lotusmotiewe kom goed te pas vir kronologiese datering. Die motief is gebaseer op die vorm van die kelkblaar van ’n lotusblom wat in so ’n mate gestileer is dat dit nog skaars herkenbaar is. ’n Verskeie bykomende motiewe vul dié motief soms aan, soos wolke, lotuskrulle, kleiner blomranke, ’n verskeidenheid blomsoorte en blare. Die motief is algemeen aan die borand of aan die voet, net bokant die voetstuk, gebruik, maar

⁵⁰ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 1071 en 1072).

⁵¹ Pope, *Fourteenth century blue-and-white*, p. 47, fig. B. 1-4.

⁵² Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0034).

⁵³ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 0146).

⁵⁴ Kyk die bespreking in Hoofstuk II van motiewe wat op Shang- en Chou-bronsware gebruik is.

⁵⁵ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0057, 0074, 0228, 0232 en 0223).

is ook aan die binnekant van 'n kom of bord as deel van die sentrale motief uitgebeeld.⁵⁶ Heelwat variasies van hierdie motief kom op skerwe uit albei wrakke voor.

Sekere vorms gaan hand aan hand met die versierings- en randmotief. So byvoorbeeld is mitologiese voëls of poue tussen pioenrose, ranke en blare of papegaaië tussen struik, algemeen op borde met 'n cavetto en plat rand uitgebeeld waarvan die buiterand gekurf is.⁵⁷ Hierdie voorwerpe en motiewe is gekombineer met enigeen van die drie randmotiewe. Die randmotief wat aan die agterkant van dié borde geskilder is, lyk anders as die motief aan die voorkant.⁵⁸ Hierdie borde het onegalige vertikale insnydings in die cavetto-gedeelte wat daarop dui dat dit 'n vryhand tekening is. Die glasuur is redelik dik aangewend en het 'n erg groenerige tint met 'n mat voorkoms. Voorwerpe met dieselfde fatsoen en versiering is in argeologiese opgrawings in Madagaskar gevind.⁵⁹ Soortgelyke voorbeelde is ook te sien in die Dos Santos-paleis, in Portugal.⁶⁰

'n Groot verskeidenheid sentrale motiewe kom by die twee wrakke voor. Drake met sterte wat oorgaan in krullende blaarranke domineer as dekoratiewe motief op die skerwe. Dit is aan die buitekant en/of die binnekant van kommetjies uitgebeeld of kom inmekaargekrul in die bodem van oop voorwerpe voor.⁶¹ Die draak is uitgebeeld met die onderste kaak wat verby die boonste een steek met 'n enkele tand of tong. Lang maanhare, 'n baard, twee oë en twee voerpote met twee tone aan elke poot voltooi die figuur. Die rankende stert bevat ses groot krulle waaraan daar klein blaartjies geheg is. Hierdie draak staan bekend as die "kui", "xiangcao long" of orgideë-draak. Dié motief is waarskynlik gebaseer op die Indiese seemonster, "Makra" wat in Indië die oorsprong van lewe simboliseer wat met die Boeddhistiese geloof verbind word.⁶² Met die Chinghua en Hongzhi keisers het die Boeddhisme opnuut opgebloeï en het hierdie draakfiguur ook weer sy verskyning gemaak, veral op porselein uit hierdie tydperke sowel as dié van die Jiajing. Die uitbeeldings van dié draak gaan in die meeste gevalle gepaard met 'n tipiese

⁵⁶ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0071 en 0557).

⁵⁷ Kyk Addendum B (ii), Afbeelding: 1 (a) en (b).

⁵⁸ Ibid., Afbeelding: 1 (c), (V. 40. Motief: 0085)

⁵⁹ Kyk fig. 88 en 89 (49.12.19) en fig. 111 en 112 (499.12.23) in die katalogus van die Musée de L'Homme wat tydens opgrawings in Madagaskar gevind is. Kyk Vernier and Millot, *Archéologie Malgache comptoirs musulmans*, pp. 94 en 108.

⁶⁰ D.Lion-Goldschmidt, "Les porcelaines chinoises du palais de Santos", fig. 53.

⁶¹ Kyk Addendum B (ii), Afbeelding: 2 (a) en (b).

⁶² F. Goddio, S. Pierson and M. Crick, *Sunken treasure: fifteenth century Chinese ceramics from the Lena cargo*. London, 2000, p. 81, fig. 27.

klassieke sleutelmotief wat besonder sterk in die Jiajing-tydperk teenwoordig is. Die draak en klassieke sleutelmotief kom in grade van netheid voor maar waar dit saam voorkom, lyk dit in die meeste gevalle besonder netjies.⁶³ Sommige van hierdie motiewe voldoen aan die Groep A-kwaliteit, terwyl ander onder die B groep ingedeel kan word, afhangende van die netheid waarmee die motief uitgevoer is. Behalwe die uitbeeldings op mediumgrootte borde, kom hierdie draakmotiewe ook algemeen op vierkantige bakkies en deksels voor. 'n Ander soort draakuitbeelding is dié van die gevleuelde drake, bekend as “feiyu”-drake. Heelwat skerwe wat deel van klein kommetjies was, toon hierdie soort draakuitbeelding. Een kommetjie toon hierdie draak tussen wolke en branders as 'n sentrale motief binne 'n dubbele ring waarvan die cavetto onversierd is. Die rand is glad afgewerk met 'n dubbele lyn wat dit afrond. Geen ander randmotief is teenwoordig nie. Aan die buitewand is twee van dieselfde draakuitbeeldings. Die kommetjie is gemerk met die vier karakters van “chang Ming fu gui” en pas in by Groep B.⁶⁴

Motiewe van mitologiese honde van “Fu” saam met brokaatballe, kom redelik algemeen op skerwe uit dié twee wrakke voor.⁶⁵ Die uitbeeldings is gewoonlik in die sentrale gedeelte van oop plat borde met cavetto's wat in sommige gevalle insnydings het soos die papegaaimotiefborde wat reeds bespreek is. 'n Groep borde wat stewiger vertoon, waarvan die wande dikker is, en die rand plat en ongekarteld is, kom ook voor. Die voetringe van hierdie borde is goed afgewerk maar die voetstukke is effens dikker. Volgens die versieringstyl, die onsuier donkerige kleur van die kobalt en die mate van onsuierhede wat in die klei teenwoordig, pas hierdie borde by Groep B in en is dit waarskynlik die produksie van ander, moontlik privaat oonde.⁶⁶

Heelwat motiewe met visdammetjies as onderwerp kom ook voor. Waterplante soos watergras, waterkastaiings, lotusblomme en klippe is dikwels uitgebeeld. Visse en paddas kom voor, hoewel nie algemeen nie. Een voorbeeld van paddavissies (Groep A), blyk uniek te wees omdat dit tot dusver nie op enige ander uitbeelding van Chinese porselein teëgekom is nie.⁶⁷ Eende is in verskillende tydperke gedurende die Ming-dinastie op porselein uitgebeeld, maar tog is geen uitbeelding van eende of dele van sodanige

⁶³ Kyk Addendum C, Indeling-V.E., STYL 1: i (b), (V. 40. Motief: 0825).

⁶⁴ Kyk Addendum B (ii), Afbeelding: 3 (a) en (b), (V. 40. Motief: 0836).

⁶⁵ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0888).

⁶⁶ Ibid., (V. 40. Motief: 0889).

⁶⁷ Ibid., (V. 40. Motief: 0682).



uitbeeldings op enige skerf by die wrakke van die São João en die São Bento aangetref nie.⁶⁸ Mitologiese voëls, “fenghuang”-voëls kom die meeste voor en twee tipes voëlsterre word onderskei wat skynbaar die manlike “feng”- en vroulike “huang”-voël⁶⁹ voorstel. Poue kom op ’n paar skerwe voor en twee skerwe bevat arende.⁷⁰ Min mensfigure is op skerwe van dié twee wrakke uitgebeeld. Musigi wys daarop mensfigure selde op porselein in die Oosterse versameling teenwoordig is, omdat die Moslems nie daarvan gehou het nie. Die seldsaamheid van dié uitbeeldings by die São João- en die São Bento-wrakke dui dalk daarop dat mensfigure óf nie ’n gewilde motief in dié tydperk was nie óf dat porselein wat vir uitvoer bedoel was, selde met mensfigure versier is.⁷¹ Klassieke krul- en rankmotiewe dien dikwels as agtergrond vir tonele met drake, voëls, lotusblomme, pioenrose en ander blomme.⁷² Hierdie motiewe is ook as sentrale motief binne oop vorms of om die buitewand van oop en toe vorms gebruik. Die manier waarop die motiewe gedurende die 16de eeu om die voorwerp gerangskik is, maak onderskeiding van die voorafgaande tydperke en datering kan daarvolgens gedoen word. Hoewel bepaalde motiewe oor en oor op voorwerpe gebruik is, is dit nie altyd konsekwent gedoen nie. Die individuele kunstenaars het, te oordeel aan die verskille wat in die uitbeeldings van dieselfde motief voorkom, hulle eie vertolking daaraan gegee.

Regeringsmerke, bestaande uit ses- en vier karaktermerke uit die Xuande-tydperk (1426-1435), kom op skerwe uit albei wrakke voor. Ses karaktermerke uit dié tydperk is skaars, maar waar dit wel voorkom, is die gehalte van die voorwerpe en die versieringstyl opsigtelik van ’n hoër gehalte as dié van vier karaktermerke gebruik is.⁷³ Geen merke uit die Jiajing-tydperk⁷⁴ is gevind nie, maar heelwat onbekende merke is teenwoordig. Die ses- en vier karakter-Xuande-merke kom veral by Groep A voor.⁷⁵ Vier karakter-

⁶⁸ Pope merk op dat eende algemeen tot die einde van die 14de eeu uitgebeeld is, maar al hoe minder gedurende die 15de eeu. Dit is waarskynlik die rede waarom dit teen die 16de eeu skynbaar heeltemal ten gunste van ander voëluitbeeldings weggelaat is. Pope, *Fourteenth Century Blue and White*, p. 32.

⁶⁹ Brankston, *Early Ming wares of Ching-te-chen*, p. 76.

⁷⁰ Misugi wys daarop dat arende selde uitgebeeld voorkom. Uit die 16de eeu dateer ’n uitbeelding waar ’n arend na ’n haas pik. Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, vol. I, p. 249, fig. A 166. Pope verwys daarna ’n as ’n “hawk”. Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, fig. 96 (29.367).

⁷¹ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, vol. I, p. 142.

⁷² Auret and Maggs, “The Great ship São Bento”, *Annals of the Natal Museum*, vol. 25, no. 1, fig. 28, 4 en 8, asook 30, 2, p. 31.

⁷³ Kyk Addendum B (ii), Afbeelding: 4 (b). (V. 40. Motief: 1453).

⁷⁴ Auret and Maggs verwys na ’n merk as ’n moontlike Jiajing-merk, maar dit kon nie as sodanig uitgeken word nie, ook nie deur mnr. Xue Yangqing van die Chinese Ambassade van die Republiek van China nie.

⁷⁵ Die Xuande-keiser het meer as ’n eeu voor die Jiajing-keiser regeer. Pottebakkers het na bewering

regeringsmerke kom algemeen op skerwe uit Groep B voor. Groep C bevat geen regeringsmerke nie. Ander merke wat veral by Groep B voorkom, is karaktermerke van gelukwense: “Fu gui chang Ming”.⁷⁶ Alle merke is op die basis van die voorwerpe aangebring.⁷⁷

Twee skerwe met Arabiese skrif daarop is by die wrak van die São João gevind. Die skrif kom in ’n medaljon voor en is saam met ’n klassieke krulrandmotief uitgebeeld.⁷⁸ Hierdie skerwe is van ’n besondere hoë gehalte en word ongetwyfeld as Groep A geklassifiseer. Die skilderwerk is uiters fyn gedoen. Die meeste fatsoene wat by die twee wrakke voorkom, is dié van klein tot mediumgrootte bakkies soos rys- en teekommetjies. Ander vorms wat dikwels voorkom, is borde van mediumgrootte (tussen 150 en 220 mm in deursnee) met ingesnyde cavetto’s en plat gekartelde rande. Unieke vorms wat by die wrakke voorkom, is byvoorbeeld vierkantige bakkies met deksels.⁷⁹ Die enigste skerwe wat op dubbele kalbasvorms dui, is by die wrak van die São Bento gevind.⁸⁰

’n Verrassende aantal van die skerwe van die São João en die São Bento vertoon versierings wat as behorende tot Groep A geklassifiseer kan word, veral omdat dit met ’n helder en suiwer kobaltkleur geskilder is. Slegs ’n klein persentasie skerwe is van ’n growwer gehalte (groep C) en het ’n effense gryserige tint. Tog kom skerwe uit Groep C voor wat in baie gevalle in ’n besonder helder en suiwer kleur kobalt uitgevoer is, en goed vergelyk met die kleur wat as ingevoerde kobalt (groep A) beskou kan word.⁸¹ ’n Voorbeeld daarvan kom op ’n skerf voor wat met die São João-wrak verbind word.⁸² ’n Voorbeeld met dieselfde soort versiering van ’n “qilin” in kunstige kwashale geskilder, wat as laat 15de-eeus gedateer is, is deel van die Geiling-versameling in die Museum vir

bewondering vir porselein van dié tydperk getoon deur sulke merke op latere porselein na te doen. Kyk ook in die voorafgaande hoofstuk na die bespreking oor die gebruik van regeringsmerke.

⁷⁶Vergelyk voetnota 51 van hierdie hoofstuk.

⁷⁷ Dit was gedurende die Ming-dinastie die gebruik om ook merke aan die borant van voorwerpe aan te bring. Kyk die voorbeeld in Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, fig. 76.

⁷⁸ Kyk Addendum B (i). (V. 40. Motief: 0228)

⁷⁹ Vergelyk die deksel van so ’n bakkie in: Addendum B (II), afb. 2 (b).

⁸⁰ Kyk Addendum B (i). (V. 40. Motief: 0271 en 0287). Hierdie skerwe is twee van meer skerwe van een voorwerp wat op die vorm van so ’n vaas dui.

⁸¹ Chemiese ontledings sal help om te bepaal of dié besonder kleur blou wel van die ingevoerde kobalt is. Die ontledings wat deur die Departement Chemiese Ingenieurswese van die Universiteit van Pretoria onderneem is, het ongelukkig nie die gewenste resultate opgelewer nie.

⁸² Vergelyk die voorbeeld in Addendum B (i). (V. 40. Motief: 0633).

Oos-Asiatiese Kuns in Keulen.⁸³ Ongelukkig is geen beskrywing van die kleurtint by die monokroom-afbeeldings ingesluit nie. Die versieringstyl is feitlik dieselfde as dié van die São João-skerf. Laasgenoemde skerf se voering is besonder goed afgewerk en daar kom nie sand of ander onsuiverhede aan die voering voor nie. Die glasuur is dik, sterk en groenerig getint.⁸⁴ Indien die datering van die bordjie in die Museum van Keulen sonder twyfel as laat 15de-eeus bewys kan word, is dit bewys daarvan dat hierdie versierings oor 'n lang tyd toegepas is omdat dit ook met die 16de eeuse Jiajing-tydperk verbind word. Die vraag is of voorwerpe met hierdie soort versiering as tipiese uitvoerware beskou kan word, omdat voorbeelde daarvan in die Filippyne gevind is. 'n Ander vraag is: of hierdie ware by een van die provinsiale oonde gemaak is en of dit as 'n laergraadse produk van een van die hoofoende in Jingdezhen gemaak is.

By die twee wrakke kom daar ook skerwe met bleekblou tot gryserige kleurtinte voor, asook donker tot grysswart tinte, maar dit is in die minderheid en is beperk tot die skerwe wat as behorende tot Groep C geklassifiseer word. Die glasuur van hierdie groep is sterk groen getint en is relatief dik aangewend. Baie skerwe bevat glasuur wat dik op die voering opgehoop het. Dié besonder growwer Groep C-porseleinware is van die hoofstroomware te onderskei en kom ooreen met die voorwerpe wat ook Madagaskar en Kilwa bereik het en skynbaar op 'n groot skaal na die Nabye Ooste, Suidoos-Asië en Oos-Afrika uitgevoer is. Skerwe wat met hierdie ware vergelyk, is ook by argeologiese opgrawings gevind is.⁸⁵ Die Portugese het moontlik ook van hierdie ware op hulle terugvaart na Portugal aan die kus van Kenia verhandel.

Die skerwe uit hierdie wrakke weerspreek die opvatting wat deur verskillende outeurs uitgespreek is, dat die deursneeporselein wat uitgevoer is, van 'n growwer of provinsiale gehalte is en dat die kleur van die kobalt met 'n gedempte of onsuiver blou kleur versier is. Misugi beweer onder meer dat die meeste porselein wat uitgevoer is, onnet en nie in 'n

⁸³ U. Wiesner, *Chinesische Keramik auf den Philippinen, die Sammlung Eric E. Geiling*. Köln, [s.a.], p. 206, fig. 177.

⁸⁴ Die groen tint van die glasuur is veroorsaak deur die ysteroksied daarin teenwoordig. Hoe dunner die glasuur, hoe deurskynender sal dit vertoon. Hoe dikker dit aangewend is, hoe groener sal die glasuur vertoon. Die kleur van die glasuur sal ook die tint van die blou versiering op dieselfde wyse beïnvloed. Kyk ook die bespreking in Hoofstuk II.

⁸⁵ C. Sassoon, "Chinese porcelain marks from coastal sites in Kenya.", p. 27.

goeie kleur geskilder is nie. Hy is ook van mening dat porselein van beter gehalte selde uitgevoer is.⁸⁶

By die bestudering van die porseleinborde en versieringsmotiewe wat uit 'n skeepswrak van die Zhengde-tydperk (1506-1521) kom,⁸⁷ is die opvallendste verskil wat tussen dié borde en die van die São João en die São Bento uit die Jiajing-tydperk (1522-66), die vol versierings waarmee die hele oppervlak van die Zhengde-borde borde beskilder is. Daarenteen, toon die São João- en die São Bento-wrakke se borde skoon cavettos wat soms met insnydings versier is, en 'n smal plat rand bevat wat soms gelob is. Dié borde se versierings is beperk tot 'n sentrale motief in die bodem van die bord en op die afgeplatte rand. Borde met ongeveer dieselfde vorm en grootte, met plat gelobde rande en insnydings in die cavetto, kom ook in die skeepswrak uit die Zhengde-tydperk voor, maar hierdie borde is steenware-borde wat met grys-groen Celadon-glasuur bedek is.⁸⁸ Hiervolgens wil dit voorkom, asof die vorm van hierdie steenwareborde en die insnydings in die cavettos deur die porseleinpottebakkers oorgeneem is, en gedurende die Jiajing-tydperk, met blou versierings op 'n wit agtergrond beskilder is.⁸⁹

Die versieringsmotiewe wat die meeste by albei wrakke voorkom, is drake met sterte wat in lotusranke in die sentrale deel van klein vlak bordjies oorgaan. Hierdie motief kom ook aan sowel die binne- as die buitekant van kommetjies voor. Dieselfde soort drake kom ook op kommetjies in die Zhengde-wrak voor, maar die uitbeeldings verskil effens omdat die Zhengde-drake baie meer krulletjies sonder die blare aan die sterte het.⁹⁰ Hieruit is afgelei dat bepaalde motiewe nog uit die Zhengde-tydperk oorgeërf, maar deur spesifieke wysigings vir die Jiajing-tydperk aangepas is.

'n Ander draakmotief wat op skerwe uit die twee wrakke gekry is, toon ook 'n ooreenkoms met die drake van die Zhengde-tydperk.⁹¹ In 'n publikasie van die "Hong

⁸⁶ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, p. 130.

⁸⁷ Goddio, Pierson and Crick, *Sunken treasure*, fig. 40-70.

⁸⁸ Celadon is 'n Europese benaming en verwys na die kenmerkende groenblou kleur van die glasuur, vernoem na die kleeft van die karakter "Celadon" in 'n Franse toneelstuk "Astrée" van Honoré d'Urfé in 1610. Kyk Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*, p. 274.

⁸⁹ Borde met plat gelobde rande kom reeds in die Yuan-dinastie en vroeg in die Ming-dinastie voor, maar is heelwat groter (300-600mm). Die cavettos is nie ingesny nie. Kyk S. Luz Afonso (ed) *Do Tejo à la mer du Chine une épopée portugaise*, p. 43, fig. 8 (Sèvres Musée national de la Céramique, inv. MNC 12967).

⁹⁰ Goddio, Pierson and Crick, *Sunken treasure*, fig. 27(Inv. 1874).

⁹¹ Ibid., Fig. 153 volgens die inskripsie is dit gedateer as 1507. Kyk p. 148.

Kong Government” kom dié “fiyu”-draak ooreen met dié een wat op ’n gedeelte van ’n bakkie voorkom wat by die São Bento gevind is. Die Hong Kong-bakkie is met ’n vier karakter-Xuandemerk gemerk, maar word aan die Zhengde-tydperk toegeskryf en is bewys daarvan dat die uitbeelding van dié draakvorm tot in die Jiajing-tydperk voortgeduur het.⁹² Die “feiyu” of vlieënde visdraak is ’n pootlose draak met vlerke en ’n dorsale vin van ’n vis wat van uitbeelding tot uitbeelding verskil. Een of twee horings en maanhare is gewoonlik teenwoordig en soms word die boonste kaak verleng om ’n slurp te vorm. Hierdie styl het lank voor die 16de eeu ontstaan. Heelwat voorbeelde van hierdie soort draak kom op skerwe uit die Jiajing-tydperk voor.⁹³ Die motief van papegaaie tussen struik as sentrale motief is nêrens in die vorige tydperke van die Ming-dinastie presies so uitgebeeld soos in die Jiajing-tydperk nie, hoewel soortgelyke struik-met-blomme-uitbeeldings wel vroeër in die Ming-dinastie voorkom. Die gehalte van hierdie uitbeeldings kom ooreen met die B-groep, wat met die produkte van die Minyao-oonde vergelyk word en tot minstens in 1554 geproduseer is.

’n Oorsig van die verskeidenheid motiewe van die twee Jiajing-wrakke toon dat motiewe in bepaalde groeperings saam op ware gebruik is. Hierdie uitbeeldings hou verband met tradisionele Chinese en Boeddhistiese uitbeeldings waarvan ritme en herhaling die kenmerkendste eienskap is. Krullende ranke van lotus- en ander blomranke, kurwende lyne waarmee die pioenrose uitgebeeld is, kurwes van die blare, kronkelende sterte van drake en van “fenghua”-voëls, wapperende linte en honde van Fu, word uitgebeeld saam met ander versierings.⁹⁴

Omdat baie van die voorwerpe wat by die twee wrakke gevind is, eenders lyk en daar so baie skerwe teenwoordig is, is dit duidelik dat hierdie vragte vir die handel bedoel was en dat dit nie toevallig deel was van private mense se aankope nie. Dit geld veral vir sowel die B-groep as die C-groep. Omdat die styl van veral die B-groep deur verskeie navorsers as die “minyao”-styl beskryf is, wat ook vir die plaaslike mark in die algemeen gemaak is, kan aanvaar word dat meer van hierdie ware beskikbaar behoort te wees. Dit word

⁹² Waarskynlik het die provinsiale pottebakkers nog voortgegaan om versierings te gebruik lank nadat die gebruik daarvan by die hoofonde gestaak is. Kyk: J. M. Addis, “Chia Ching vessels with dictatory inscriptions” *Oriental Art*, 1966, vol. 12, p. 106.

⁹³ Kyk Addendum B (ii), Afbeelding: 3 (a).

⁹⁴ Vergelyk onder andere: Addendum B (ii), Afbeelding: 2 (a) en (b), (V. 40. Motief: 0825, 0854, 0888, en 0702).

bevestig deur die klomp skerwe in hierdie styl, wat by die twee wrakke teenwoordig is. Groep A vertoon 'n groter verskeidenheid motiewe as die ander twee groepe, wat beteken dat hierdie groep ware wat met groter sorg gemaak is, goed verteenwoordig is. Die fyn detail waarmee elke motief geskilder is, in skakerings van lig en donker, kom net by Groep A voor. Sirkeltjies ingevul met kompakte blommetjies kom aan die buitewand van party borde en komme voor.⁹⁵ Fyn blommetjies op slanke stingels kom by die São João-wrak voor, wat goed vergelyk met die motiewe van die Zhengde-tydperk. 'n Afbeelding met soortgelyke motiewe in Macintosh se boek bevat 'n merk van die Chenghua-tydperk (1465-87) en word volgens die outeur as sodanig aanvaar.⁹⁶ Hierdie motiewe kom nie by latere wrakke na die Jiajing-tydperk voor nie. Delikate uitbeeldings van pioenrose en blare teen 'n donker agtergrond⁹⁷ kom by die São João-wrak voor wat ook goed vergelyk met versierings van die Zhengde-tydperk.⁹⁸ Hieruit is dit duidelik dat motiewe uit vorige tydperke nog in die Jiajing-tydperk voortbestaan het en gevolglik datering volgens motiewe, kompliseer. Daarom is dit noodsaaklik dat ander eienskappe van die voorwerp gedurig oorweeg moet word.

Die paar skerwe met Arabiese inskripsies daarop is 'n uitsondering vergeleke met die ander skerwe. 'n Soortgelyke uitbeelding kom voor op 'n kommetjie in die Topkapi Seray-museum, maar hierdie voorbeeld is as vroeg uit die 16de eeu gedateer.⁹⁹ Dit is nie vreemd dat Arabiese skrif op porselein van die Ming-dinastie voorkom nie, maar die Jiajing-keiser het as streng Taoïs geen ander godsdienste in China geduld nie en alle Moslem-enogs is uit die paleis geban.¹⁰⁰ Dit is dus onwaarskynlik dat Chinese pottelmakers Moslem-inskripsies gedurende hierdie tydperk op voorwerpe sou aanbring.¹⁰¹ Die vraag ontstaan of hierdie voorwerpe miskien ou voorraad was wat reeds voor die Jiajing-tydperk gemaak is en in ander hawens in die Ooste opgegaan was.¹⁰² Die

⁹⁵ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0410)

⁹⁶ Ibid., Macintosh, *Chinese blue and white*, p. 42, fig. 24.

⁹⁷ Addendum B (i), (V. 40. Motief 0251)

⁹⁸ Yeo and Martin, *Chinese blue and white ceramics*, p.134, fig. 37.

⁹⁹ Krahl, *Chinese ceramics in the Topkapi Seray Museum Istanbul*, vol. 11, p. 781, fig. 779 (Cat. no. TKS 15/10407) en Pope, *Chinese porcelains from the Ardebil shrine*, fig. 77 (Cat. no. 29. 364).

¹⁰⁰ Yeo and Martin, *Chinese blue and white ceramics*, p. 29.

¹⁰¹ Pope sê dat alle Moslem-ware van 'n beter gehalte met Zhengde-merke daarop, binne die eerste twee dekades van die 16de eeu gemaak is. Pope, *Chinese porcelains of the Ardebil shrine*, p. 124.

¹⁰² Baie porselein is gedurende dié tyd, na feitlik elke hawe in die Filippyne, asook na Borneo, Indonesië, Java, Sumatra, Bangkok, Malakka, Birma, Sumatra, Indië en die Ooskus van Afrika vervoer. M. Sullivan, "Notes on Chinese export wares in south east Asia", *Transactions of the Oriental Ceramic Society*, vol. 33, 1960-62, p. 61.



Portugese het tot in 1557 nie regstreekse toegang tot Chinese hawens gehad nie en het die meeste porselein by ander Oosterse hawens bekom.¹⁰³ Dit is bekend dat porselein in Oosterse lande algemeen as geskenke aan buitelandse afgevaardigdes gegee is.¹⁰⁴ Die moontlikheid is dus nie uitgesluit nie dat die Portugese gesante, Chinese kommetjies kon ontvang het wat gedurende die vorige tydperk deur Oosterse lande bestel is om aan hooggeplaaste besoekers te skenk nie. Die voorwerpe wat deel van die São João se porseleinfrag was, kon dus moontlik geskenke aan Portugese afgevaardigdes gewees het.

Die meeste voetringe van oop voorwerpe is vlak en smal, maar groter voorwerpe se voetringe is dieper. 'n Dubbele ring in blou kom op die basis onder die glasuur voor, met of sonder 'n merk. Al die voetringe, selfs dié van die C-groep-ware is besonder goed afgewerk en daar is baie min sand en/of ander onsuiverhede op enige van die bodems of voetringe van groepe A, B en C, in teenstelling met die opvatting dat die voetringe van voorwerpe wat by provinsiale oonde gemaak is, nie goed afgewerk is nie.

Luw Yaw, dekaan van die Fakulteit Skone Kunste aan die Universiteit van Singapoer, beskryf die ware uit die Jiajing-tydperk as: "... an exercise in contrariness, a transition from sublime elegance to earthy ingeneousness which has, ... a charm of its own".¹⁰⁵ Hierdie stelling is 'n goeie beskrywing van die skerwe wat verteenwoordigend van die twee wrakke is. Baie van die opvattinge in literatuurbronne is beslis nie van toepassing op die voorwerpe wat deur die Portugese met hierdie twee skepe verskeep is nie en dit is dus moontlik om die datering van voorwerpe op grond van die inligting en voorbeelde wat die wrakke bied, reg te stel, omdat voorwerpe in wêreldbekende versamelings vroeër gedateer is as die skerwe van soortgelyke voorwerpe wat deel van die wrakke was.

¹⁰³ Vergelyk die bespreking in Hoofstuk I, van hierdie studie.

¹⁰⁴ Yeo and Martin, *Chinese blue and white ceramics*, p. 64.

¹⁰⁵ *Ibid.*, p. 48.

HOOFSTUK IV

Die Santo Alberto (1593) en die Santo Espiritu (1608)

Die porselein van die Wanli-tydperk (1573-1619)

Die Santo Alberto, 'n “nau”,¹ het Cochin op 21 Januarie 1593 onder aanvoering van kaptein Julio de Faria de Cerveira verlaat. Die grootte van die skip is nie aangedui nie, hoewel João Baptista Lavanha, wat die verhaal van die skeepsramp in 1597 opgeteken het, dit as 'n besondere groot skip beskryf.² Ná verskeie storms in die omgewing van Madagaskar het die skip erg begin lek. Kwaai suidewinde in die omgewing van die huidige Kosibaai het die skip erger laat lek. Boonop het die pompe, soos dit die geval met feitlik al die Portugese skepe was, baie moeilikheid gegee.³ Die bemanning was verplig om 'n groot deel van die vrag oorboord te gooi en die enigste hoop op redding was om land te bereik. Land is in die omgewing van Mboyti-baai opgemerk en is die volgende dag, by 31° S, net suid van die huidige Koffiebaai, bereik. Daardie aand het 'n sterk westewind opgesteek, wat die lek vererger het en die bemanning gedwing het om weer die diepsee in te vaar. Nog 'n deel van die vrag is oorboord gegooi en verdere herstelwerk is onderneem, maar die pompe is deur peperkorrels verstop en die situasie was hopeloos. Die volgende oggend, op 24 Maart 1593, is weer probeer om die skip ligter te maak en in die rigting van die land te stuur, maar sowat 400 tree van die strand af, het dit in die omgewing van 'n plek bekend as “Penedo das Fontes” en wat deur die inboorlinge “Tizombe” genoem is, in twee gebreek.⁴ Van die 357 mense aan boord, wat slawe en passasiers ingesluit het, het sowat 286 die ramp oorleef.⁵ 'n Oorlewingskamp is ingerig met kosbare Oosterse tapyte en ander weefstowwe wat van die skip gered kon word.

¹ Matthew, *History of the Portuguese navigation in India*, p. 290. Kyk ook die bespreking met betrekking tot die São Bento in die voorafgaande hoofstuk.

² Axelson, *Dias and his successors*, p. 56, Die verhaal is gepubliseer onder die titel, *Relação do Naufragio da nau S. Alberto, No Penedo das Fontes no anno de 1593. E Itinerario da gente, que della se salvou, athè chegarem a Moçambique*. Escrita por João Baptista Lavanha, Lisboa, 1597, en as: *Naufragio da nao S. Alberto, No Penedo das Fontes no anno de salvov*, Lisbon, 1597. Joao Baptista Lavanha was nie 'n oorlewende van die ramp nie, maar het as hoofwiskundige en kosmograaf in diens van die Portugese regering in Lissabon gewerk.

³ *Ibid.*, pp. 56, 66.

⁴ *Ibid.*, p. 57.

⁵ Matthew, *The history of Portuguese navigation in India*, p. 271.

skipbreukelinge van die São João, die São Bento en die São Thome (1589) gely het en wat hulle lot uiteindelik was.⁶ Onder sy leiding, en met die hulp van 'n goedgesinde inboorlingkaptein, Luspace, wat die skipbreukelinge bygestaan en hulle 'n gids aangebied het, is besluit om 'n oorlandse roete te volg. Na deeglike voorbereidings het hulle op 3 April 1593 vertrek. Ná 'n tog van ongeveer 100 dae het die groep Mosambiek teen die middel van Junie bereik.⁷ Die onderkoning van Portugees-Indië, was so beïndruk met die bekwame leiding van Nuno Velho Pereira dat hy opdrag gegee het dat die gegewens oor die oorlandse reis na alle skepe op die roete na Indië versprei moes word as voorligting aan dié wat hulle miskien in 'n soortgelyke situasie kon bevind.⁸ Die inligting oor die stranding van die Santo Alberto en die oorlandse staptog van die oorlewendes is gegrond op aantekeninge wat deur die loods, Rodrigo Miguels, gehou is en deur Nuno Velho Pereira bevestig is. Die verhaal van die oorlewendes wat deur João Baptista Lavanha opgeteken is, is later deur Theal en Boxer uit Portugees in Engels vertaal. Hierdie beskrywing is een van die belangrikste bronne van inligting om te bepaal waar dié skip gesink het.⁹

Sowel Theal as Boxer assosieer Lavanha se “Penedo das Fontes” met die rotseiland bekend as Hole-in-the-Wall (32° 02'S). Plekke wat deur ander genoem word as die moontlike plek waar die skip kon gesink het, is die Mtatariviermond, 'n gebied wes van die Keiskammarivier, of naby die Mbasheriviermond of Mazeppabaai. Die mees aanvaarbare en wetenskaplik gefundeerde plek waar die stranding plaasgevind het, blyk Sunrise-on-Sea, (32° 55' S) net noord van Oos-Londen, te wees.¹⁰ Lavanha meld dat die skip by 32½°S gesink het, wat vir daardie tyd akkuraat was omdat 'n astrolabium se foutgrens tussen 'n ¼° en 'n ½° was. Daarom is 'n verskil van 25' vir die plek Sunrise-on-Sea aanvaarbaar vir hierdie instrument. Die lengtegraad wat deur die oorlewendes van die skip Nossa Senhora da Atalaia do Pinheiro aangegee is, het byvoorbeeld met 30' verskil.

⁶ Dit is uit joernale bekend dat die São Thome aan die kus van Kwa-Zulu-Natal vergaan het, waarskynlik in die omgewing van die huidige Kosibaai. Axelson, *Dias and his successors*, pp. 55-56.

⁷ Axelson, *Dias and his successors*, p. 58.

⁸ Ibid.

⁹ G. M. Theal, *The beginning of South African history*, Londou, 1902, p. 296 en Boxer, *The tragic history of the sea 1589-1622*, p. 108.

¹⁰ Axelson, *Dias and his successors*, p. 59.

Sewentien jaar voordat die Santo Alberto gesink het, het Mesquita Perestrelo, een van die oorlewendes van die São Bento,¹¹ in opdrag van die Portugese koning 'n opname van die kus van Afrika tussen Kaap die Goeie Hoop en Kaap Correntes gemaak.¹² Toe die Santo Alberto gesink het, is aangeteken dat die skip gesink het op die plek wat waarskynlik deur Perestrelo as “Penedo das Fontes” beskryf is.¹³ Bell-Cross het die beskrywing van Perestrelo se topografiese waarneming tydens die opname van 1575 en 1576 met die plek Cove Rock, ongeveer tien kilometer suid van Oos-Londen, as “Penedo das Fontes” verbind en tot die gevolgtrekking gekom dat dit die plek is wat deur die oorlewendes van die Santo Alberto beskryf is en nie Hole-in-the-Wall nie, soos die meeste navorsers gemeen het nie.¹⁴ Cove Rock is duidelik sigbaar as 'n mens op 'n skip staan, ongeveer 800 meter van Sunrise-on-Sea af. Die oorlewendes kon natuurlik ook Black Rock¹⁵ by Morgansbaai verwar het met Perestrelo se “Penedo das Fontes” wat aanneemliker is omdat dit veel nader is en die porselein wat ook daar uitspoel beslis uit dié tydperk (1593) dateer. Die paar kanonlope wat in die see gevind is, is in so 'n mate verweer dat dit nie geïdentifiseer kan word nie.¹⁶ Die karneoolse krale wat langwerpig en ovaal gevorm is, is ook in die omgewing gevind, wat nog 'n aanduiding is dat dit van 'n 16de-eeuse wrak af kom. Die enigste ander strande waar die bepaalde krale vorm ook aangetref is, is by die twee ander 16de-eeuse wrakke, die São João en die São Bento.¹⁷ Dit is bekend dat wit-en-blou porseleinskerwe ook in dié omgewing uitspoel en die datering daarvan sal bevestig of dit van 'n skip uit die laat 16de eeu kan kom. Ongelukkig is so min skerwe in die omgewing gevind dat daar nie 'n goeie beeld van die porseleinvrag wat aan boord was, gevorm kan word nie. As meer porseleinskerwe beskikbaar was, sou dit 'n nuttige

¹¹ Ibid., pp. 28–29. Perestrelo het boek gehou van gebeure rakende die stranding van die São Bento en het elke dag al die wedervaringe van die oorlewendes en die landmerke noukeurig aangeteken.

¹² Ibid., Hy het dié taak tussen 1575 en 1576 uitgevoer in opdrag van die koning.

¹³ Ibid., pp. 3, 58–59. Die plek waar Dias in 1488 'n kruis geplant het is ook deur De Barros (verkeerdelik) “Penedo das Fontes” genoem, maar dit is nie bekend of dit miskien dieselfde plek is waarna Perestrelo later verwys nie.

¹⁴ Ibid., pp. 58, 59.

¹⁵ Black Rock is ook 'n baie hoë rots wat van die see se kant af met Cove Rock en Hole-in-the-Wall verwar kan word. (Eie waarneming).

¹⁶ Ibid., Die kanonlope is reeds in 1950 deur dr. M. Courtenay-Latimer, destyds Direktrise, in die Oos-Londense Museum, opgeneem.

¹⁷ Ibid.

hulpmiddel wees om vas te stel of Sunrise-on-Sea wel die laaste rusplek van die Santo Alberto is.¹⁸

In die geval van die Santo Espiritu is daar nie veel bekend nie en 'n mens kom nie veel te wete uit die oorspronklike bronne nie, behalwe die enkele aantekeninge deur Botelho de Sousa. Hy noem dat dié skip aan die kus van Natal gesink het en dat die oorlewendes 'n boot gebou het waarmee hulle na Mosambiek-eiland gevaar het.¹⁹ Perestrelo se opname van dié kusgebied dui aan dat die “land van Natal” ongeveer by Koffiebaai aan die Trankeise kus begin, hoewel die lengtegrade vir hierdie ondersoek nie betroubaar is nie.²⁰

'n Ysteranker is by die mond van die Qukorivier in die omgewing van Haga-Haga gevind, maar daar is geen merke op waaraan dit uitgeken kon word nie. Die oorblyfsels van 'n klein kanon is in 1984 in die omgewing gevind, maar weer was daar geen merke op om dit te kon identifiseer nie.²¹ Porseleinskerwe spoel oor 'n gebied van verskeie kilometers op die strande in dié gebied uit. Die porseleinskerwe is volop en talle inwoners en vakansiegangers besit van die skerwe en baie daarvan is ook in die Oos-Londense Museum.

Bell-Cross het alle moontlike bronne en ander inligting deeglik nagevors en ook die moontlikheid ondersoek dat die Santo Alberto miskien by Haga-Haga kon gesink het. Die beskrywing van die omgewing deur die oorlewendes van die Santo Alberto en die roete wat hulle oorland gevolg het, naamlik dat die terrein gelyk was, pas by Sunrise-on-Sea, terwyl daar in die omgewing van Haga-Haga steil heuwels is.²² Soos met die wrak van die Santo Alberto, is daar geen afdoende bewyse dat hierdie wrak wel dié van die Santo Espiritu is nie, maar nadat kundiges die bronne oor dié bepaalde tydperk deeglik nagevors het, is tot die slotsom gekom dat dit die enigste moontlike wrak kan wees wat daar

¹⁸ Axelson maak melding van “numerous” skerwe wat daar gevind is. Van hierdie skerwe is deur Woodward en Ayers gedateer as laat 16de of vroeg 17de eeu, maar 'n soektog na nog skerwe was vrugtelos. Die enigste persoon wat waarskynlik onder andere van hierdie skerwe besit, het ongediskrimineerd skerwe van al die strandgebiede in die omgewing van Oos-Londen versamel en met mekaar gemeng. Hierdie skerwe is, as gevolg hiervan, nie geskik vir hierdie aard van navorsing nie.

¹⁹ Axelson, *Dias and his successors*, p. 60.

²⁰ Ibid.

²¹ Ibid., p. 61.

²² Ibid.

gestrand het.²³ Dit is egter te betwyfel, aangesien dit op grond van die porselein wat hier uitspoel, duidelik is dat dit nie van die Santo Espiritu kan wees nie.

Albei die wrakke, die Santo Alberto en die Santo Espiritu, dateer uit die Wanli-tydperk. Hierdie tydperk is van besondere belang vir die navorsing omdat dit 'n tydperk inlui waarin 'n spesifieke styl, bekend as kraakporselein, van die voorafgaande tydperke onderskei word. Oor die tekort aan voorbeelde uit hierdie tydperk, merk Rinaldi op: "If there is a shortage on specific information on 16th century kraak, the information on 17th century kraak is abundant."²⁴ Hierdie stelling beklemtoon waarom die skerwe uit die 16de eeu wat aan die Suid-Afrikaanse kus gevind is, van besondere belang is.²⁵

Slegs 'n klein hoeveelheid Chinese porselein het Europa in die 16de eeu bereik. Nederlandse skepe het gedurende die tweede helfte van die 16de eeu porselein in die hawe van Lissabon aangekoop en dit na Noord-Europa geneem waar dit die belangstelling van almal wat daarvan kennis geneem het, geprikkel het. Die meeste porselein het Europa hierna deur middel van die Portugese, en daarna deur middel van Nederlandse inisiatief, na die totstandkoming van die Generale Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (V.O.C.) in 1602 bereik. Nadat die Nederlanders in 1580 toegang tot die hawe van Lissabon ontsê is, het hulle probeer om 'n alternatief vir Oosterse handelware te bekom.²⁶ Een hiervan was om die Portugese karake aan te val, die vrag te buit en in Nederland te verkoop. Die benaming "kraak" het, volgens verskeie outeurs, sy oorsprong gekry uit twee voorvalle tydens die vroeë stryd tussen die Portugese en die Nederlanders. Dié gebeurtenisse het in 1602 en 1604 afgespeel toe twee Portugese skepe die São Tiago (San Jago)²⁷ en die Santa Catharina in die hande van Nederlandse

²³ Ibid.

²⁴ M. Rinaldi, "The history and classification of dishes", *Heritage*, no. 8, 1986, p. 3.

²⁵ Daar moet egter bygevoeg word, dat hoewel die porselein van die 17de eeu deur die VOC veel beter in vragbriewe gedokumenteer is, bestaan daar geen rekords van hoe die motiewe van die 17de eeuse porselein daar uitgesien het nie.

²⁶ C. J. A. Jörg, *Chinese ceramicss in the collection of the Rijksmuseum, Amsterdam, the Ming and the Qing dynasties*, Amsterdam, 1997, pp. 54-55.

²⁷ Volker, *Porcelain and the Dutch East India Company*, p. 22 en van der Pijl-Ketel, *The ceramic load of the Witte Leeuw*, p. 9, gee die benaming van hierdie skip aan as San Jago.

skepe geval het.²⁸ Volker beweer dat die naam kraakporselein vernoem is na die groot karaak- en later “kraakskepe” van die Portugese.²⁹

Presies wanneer die Nederlanders die term kraakporselein³⁰ begin gebruik het en wanneer die Chinese dié besondere groep, bekend as kraakporselein, begin vervaardig het, is van die tergendste vrae uit die Ming-era. Rinaldi vermoed die Chinese het in die laat 16de eeu, nadat die Portugese hulle in 1557 in Macao gevestig het, agtergekom dat die Europeërs se teenwoordigheid in die Ooste ’n nuwe mark bied. Pottebakkersoonde het begin om goedkoper, minder verfynde ware in groot maat te vervaardig. Dit het tussen 1565 en 1570 tot die begin van ’n nuwe styl, bekend as “kraak” gelei.³¹

Die meeste outeurs beskryf die versieringsmotiewe wat by kraakporselein voorkom as riviertonele, landskappe met voëls, insekte, herte, blomme, bome, rotse en blomme in vase, terwyl mensfigure, bote, drake, fenikse en ander mitologiese figure ondergeskikte invoegsels is.³² Kraakborde en ander oop vorms is gewoonlik met smaller en breër panele versier wat mekaar afwissel met Boeddhistiese embleme en blomme of perskes in die breër panele, met linte en stringe krale in die smaller panele.

Die motiewe van die Wanli-tydperk wat by wrakke aan die Suid-Afrikaanse kus voorkom, is op die strandgebied van Sunrise-on-Sea en Haga-Haga versamel en kom na bewering van die Portugese skepe, Santo Alberto (1593) en die Santo Espiritu (1608) af. Hoewel die skerwe van albei wrakke uit dieselfde tydperk dateer, is daar ’n tydsverloop van 15 jaar tussen die twee wrakke. Daar is dus rede om te vermoed dat die vindplek, Haga-Haga, nie met die Santo Espiritu-wrak verband hou nie, maar dat die skerwe wat by Sunrise-on-Sea sowel as by Haga-Haga voorkom, van die een skip, die Santo Alberto afkomstig kan wees. Daarom is die benadering om eers die eienskappe van skerwe te ontleed en aan ’n tydperk te koppel, en dit daarná, aan die datum waarop die veronderstelde skepe gesink het, te meet. By voorkeur word na die vindplek, Haga-Haga, verwys en nie na die wrak van die Santo Espiritu nie.

²⁸ Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*, pp. 28 en 37, (voetnota 20).

²⁹ *Ibid.*, p. 23.

³⁰ Ottema verwys na ’n bron van so laat as 1667 waarin dié woord voorkom, maar Rinaldi noem dat hierdie bron nie opgespoor kon word nie. Rinaldi, *Kraak porcelain*, pp. 61, 238.

³¹ *Ibid.*, p. 63.

³² Jörg, *Chinese ceramics in the collection of the Rijksmuseum*, p. 55.



Die skerwe wat by Sunrise-on-Sea voorkom, bestaan uit 'n paar besonder dik skerwe wat duidelik deel was van groot voorwerpe, soos vase of voorradehouers. Die versierings daarop bevat meestal blom- en lotusblaarrankmotiewe, wat in 'n besonder donkerblou buitelyns geskilder is. Die “wash” is gryserige blou en is redelik netjies tussen die lyne van die motief ingevul.³³ Hierdie motief toon 'n ooreenkoms met die versiering op 'n vaas in die Ardebil-versameling wat as middel-16de eeus gedateer is.³⁴ Dié vaas is ongeveer 53 cm in deursnee en is as “heavily potted” beskryf. Die Sunrise-on-Sea-skerf se glasuur is besonder dik met 'n sterk groen-blou tint en 'n duidelike oranje verkleuring is sigbaar onder die rand waar die glasuur eindig. Hierdie verkleuring verklap dat daar 'n mate van yster in die klei teenwoordig is en dat die klei nie besonder goed gesuiwer is nie wat beteken dat die vaas waarskynlik by een van die provinsiale oonde vervaardig is. Volgens hierdie eieskappe, val die skerf in 'n groep tussen B en C. 'n Ander groot skerf wat by hierdie wrak gevind is, toon 'n “hond van Fu”³⁵ of 'n “qilin” tussen wolke of vlamme binne 'n wolkekraagmotief.³⁶ Onderaan die basis van die vaas is daar 'n lotuspaneel met trossies blare daarin. Die versiering is in die medium styl van Groep B uitgevoer. Dié vaas word vergelyk met een in die versameling van Amaral Cabral wat ongeveer 320mm hoog en tussen 1573 en 1619 gedateer is,³⁷ asook 'n soortgelyke vaas in die Dos Santos-paleis wat 360mm hoog en in dieselfde tydperk gedateer word.³⁸ 'n Gedeelte van 'n groot deksel wat by hierdie soort vase pas, is ook by Sunrise-on-Sea gevind en is van soortgelyke kleur en gehalte as die vorige skerf. Die motief daarop bevat 'n groot gestileerde blom saam met lotuskrulvorme in 'n ligte blou kobalt en is netjies in 'n medium styl geskilder wat as Groep B geklassifiseer is.

'n Besonder dik skerf met 'n motief bestaande uit konsentriese branders wat afwisselend in wit en blou lyne op 'n blou agtergrond geskilder is, met lotusblom en -blare, is ook by hierdie wrak gevind. Hierdie versiering is in die bodem van 'n baie groot oop vorm, soos

³³ Kyk Addendum A, (V. 40. motief 1028 en 1031).

³⁴ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, p. 205, fig. A. 115, p. (cat. no. 29.515).

³⁵ Skynbaar is die uitbeelding van “honde van Fu” en lees dieselfde en is veronderstel om bewakers van tempels te wees. Dié wese is gebaseer op die Peking spaniel. Die “qilin” wat op die vorm van 'n perd gebaseer is, word in dieselfde houding uitgebeeld en albei het weelderige sterte. Dit is daarom soms moeilik om tussen die twee figure te onderskei, veral wanneer slegs 'n gedeelte van die figuur op 'n skerf sigbaar is.

³⁶ Omdat hierdie figure mitologiese diere is, gaan dié uitbeeldings gepaard met wolke of vlamme. Kyk ook die bespreking van motiewe in Hoofstuk II.

³⁷ M. Pinto de Matos, *Azul e Branco da China porcelana ao tempo dos descobrimentos, Coleção Amaral Cabral*, Lisboa, 1997, Fig. 43, pp. 124, 125.

³⁸ D. Lion-Goldschmidt, “Les porcelaines chinoises du palais de Santos”, fig. 9, p. 11.

'n diep kom waarvan die bodem ingesink is geskilder. Die skilderwerk is netjies in 'n dowwe en onindrukwekkende blou skakering gedoen en word as Groep B geklassifiseer. Die skerf is dik en swaar en op die bodem is 'n Chenghua-merk (1465-1487) bestaande uit vier karakters. Nog 'n dik skerf, waarvan die buitekant van die voetring met 'n klassieke krulmotief in 'n sagte blou tint versier en die voetring netjies afgewerk is, kom voor.³⁹ Waarskynlik was dié skerf deel van 'n groterige ronde vaas. Hieruit blyk dit dat die deel van die vrag wat op die Sunrise-on-Sea-strandgebied uitspoel, uit groot voorwerpe bestaan het soos houers en vase. Die houers is na skatting gereken volgens die dikte van die skerf en die grootte van die motiewe wat op voorwerpe in ander versamelings voorkom. Dit dui op houers van ongeveer 250 tot 500mm hoog. Hierdie grootte vase met die kenmerkende versierings daarop, is volop in die Portugese versamelings, soos die Gonçalves-, die Amaral Cabral-⁴⁰ en die Alpion Calvão-versameling.⁴¹ Dit dien as bewys dat dit gewilde houers was wat waarskynlik vir die plaaslike mark gemaak is en dat die Portugese gekoop het wat beskikbaar en bruikbaar was.⁴² Die Ardebil-heiligdom bevat ook goeie voorbeelde van hierdie soort houers met dieselfde versieringstyl, bestaande uit lotuspanele en ander aaneenlopende motiewe wat rondom die voetstukke voorkom.⁴³ Al hierdie vase is as uit die laaste helfte van die 16de eeu gedateer. Dit wil voorkom asof hierdie grootte houers nie in die Jiajing-tydperk uitgevoer is nie, omdat daar nie sulke dik skerwe by die São João-en die São Bento-wrakke voorkom nie.

Skerwe wat op groot vase dui, bevat ook dik wande met 'n goeie kurwe. Die meeste skerwe is versier met bande bestaande uit horisontale lyne wat die motief verdeel waarbinne die boonste deel met 'n gestileerde "ruyi"-motief op 'n geometriese agtergrond versier is. Een so 'n skerf toon plante in 'n landskap waarin klein kruisies - wat voëltjies uitbeeld-, aan die bokant van die motief voorkom. Die buitelyn is besonder donker met 'n relatief donker "wash" en kom effens ingevloei voor. Die glasuur is dik aangewend met 'n sterk groenblou tint. Hierdie skerf was waarskynlik ook deel van 'n fles, soos in 'n

³⁹ Kyk Addendum A, (V. 40. Motief 0336).

⁴⁰ Pinto de Matos, *Azul e Branco da China porcelana*, Lisboa, 1997, p. 120, fig. 41; p. 122, fig. 42; p.123, fig. 43; p. 124, fig. 44; p. 130, fig. 46; p. 131, fig. 47.

⁴¹ S. Luz Afonso (ed.), *Do Tejo aos Mares da China*, Paris, 1992, p.158, fig., 74.

⁴² Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*, pp. 34, 35, fig., 60 (CMAG 35) en fig., 61 (CMAG 37).

⁴³ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, pp. 210-219, fig., A. 119, A 120, A. 121, A 122, A 123, A 124, A 125, A 126, A 127 A 128 en A 129.

afbeelding wat in die werk van Rinaldi gesien word.⁴⁴ Rinaldi verwys na hierdie panele as “granaatvormige” panele. Volgens die aantekeninge by die illustrasie van die fles in Rinaldi se werk, het die kombinasie van die geometriese agtergrond met “ruyi”-septerkop-motief sy oorsprong in die laat 16de eeu en word tussen 1590 en 1610 gedateer. Rinaldi dateer alle flesvorms of “pear-shaped bottles” tussen 1597 en 1650 en wys daarop dat geen skerwe van hierdie soort fesse by Drake’s Bay aan die kus van Kalifornië gevind is nie.⁴⁵ Dié spesifieke flesvorms is ook nie in die Ardebil-versameling teenwoordig nie.⁴⁶ Rinaldi beskryf die vroegste voorbeelde van fesse met ’n meer geronde basis en langer nek, terwyl dié van die later tydperk ’n korter nek het wat soms op ’n knoffelvormige bostuk uitloop. Die versierings is in ses vertikale panele ingedeel, terwyl sommige fesse se basisse versier is met die “granaatvormige” kurwes waarin daar blomuitbeeldings voorkom.⁴⁷ Dit is nie bekend wanneer hierdie fesse vir die eerste keer as ’n Chinese produk op die mark verskyn het nie en meer voorbeelde is nodig uit gedateerde vondse om dit vas te stel. Volgens die skerf wat by Sunrise-on-Sea gevind is, was hierdie soort fesse deel van die vrag van die Santo Alberto. Sekere van dié flesvorms is eenvoudiger versier en die “ruyi”-septermotiewe daarop, is groter uitgebeeld met ’n bandmotief om die middel van die fles. Dié motiewe pas in by die styl van kraakware en kom dikwels in Nederlandse versamelings voor, soos wat in die publikasie van Jörg⁴⁸ geïllustreer is.⁴⁹ Die fesse is ook by die wrak van die Witte Leeuw gevind⁵⁰ en word ook in die kompanjiejoernale van die VOC beskryf. Die eienaardigheid is dat juis dié vorms as Persiese invloed in die Chinese pottbakkerskuns beskou word.⁵¹ Die vraag ontstaan dan waarom versamelings soos dié van die Ardebil-heiligdom in Iran nie hierdie bekende Persiese gebruiksvorwerpe insluit nie?

⁴⁴ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 170, fig. 213.

⁴⁵ Ibid., pp. 62, 170. Die skerwe wat by Drake’s Bay voorkom, word beskou as komende van ’n verbyvarende skip van sir Francis Drake in 1579 en van die San Augustin wat uit 1595 dateer.

⁴⁶ Dit wil nie sê dat fesse (wat in bronne as “flasks” of “bottles” beskryf word) nie voor hierdie tydperk gemaak is nie. Die vorm van vroeëre fesse het daarin verskil dat dit ’n korter nek en ’n wye bekopening het. Kyk A. Lin, “The C. P. Lin collection”, *Arts of Asia*, vol. 25, no. 3, 1995, pp. 64-75, fig. 5 wat uit die Yuan-dinastie dateer en Yeo and Martin, *Chinese blue and white ceramics*, p. 112, fig. 13, voorwerp 30, 31, en 32 wat uit die 15de eeu dateer.

⁴⁷ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 166.

⁴⁸ Ibid., p. 65, fig. 50 (kat.no. AK-RBK 14399), p. 66, fig. 51 (kat. no. AK-RBK 16102B).

⁴⁹ Rinaldi, *Kraak porcelain*, Fig. 212 (Privaatversameling, Nederland), 213 (reeds genoem) en 214 (kat.no. 1984-160). Hierdie fesse se datering kom ooreen met dié van die laat 16de eeu. Die twee fesse in fig. 215 (kat.no. 1984-257) was deel van die Hatcher-skeepsvrag wat vir die VOC bestem was, maar wat ongeveer 1643 gesink het. Laasgenoemde fesse is dus later in die sogenaamde Oorgangstydperk gemaak.

⁵⁰ Van der Pijl-Ketel, *The ceramic load of the ‘Witte Leeuw’*, pp. 134-137 (kat.nos. NG 1977-120W & 115W).

⁵¹ Ibid., p. 134.

Rinaldi merk op dat daar tot in daardie stadium (voor die verskyning van haar werk) nog nie genoeg voorbeelde van hierdie vorms gevind is nie waarvolgens die flesse nader gedateer kan word nie. In dié opsig kan hierdie enkele skerf uit die Santo Alberto 'n beskeie bydrae lewer deur aan te dui dat hierdie tipe flesse reeds teen 1593 gemaak en uitgevoer is.

Behalwe vir genoemde skerwe wat op die fles en die oop kom dui, is die skerwe wat uit die wrak van die Santo Alberto af kom, nie besonder noukeurig afgewerk nie. Daar moet ook in ag geneem word dat groot voorwerpe wat as houers vir algemene gebruik gemaak is nie met dieselfde sorg as klein kommetjies en borde afgewerk is nie. Ongelukkig is die verskeidenheid van voorwerpe wat deur die skerwe verteenwoordig word, nie groot nie en kan daar nie werklik 'n mening oor die inhoud van die vraag of die motiewe op die porselein uitgespreek word nie. Slegs tagtig skerwe is vir data-verwerking gebruik.

Miskien is die rede vir die min skerwe wat in die omgewing van die Santo Alberto-wrak uitspoel, daaraan toe te skryf dat daar van die vraag ontslae geraak is toe die skip probleme op see ondervind het. By die verpakking van voorwerpe in skepe was dit die gebruik om kratte met groot voorwerpe, veral toe vorms, onder in die ruim te pak. Daarna is die kleiner vorms soos kommetjies, waarskynlik inmekaar bo-op groter voorwerpe gepak. Sou daar dan tydens 'n storm van 'n gedeelte van die vraag ontslae geraak moes word sou die kratte met kleiner voorwerpe eerste aan die beurt kom. Die eerste gedeelte van die vraag van die Santo Alberto wat moontlik ook porselein kon bevat het, is heelwat suid van Koffiebaai oorboord gegooi nadat die skip dieper die see ingedryf is en die tweede deel daarna, vermoedelik in die omgewing van Haga-Haga, kort voordat die skip by Sunrise-on-Sea gestrand het. Indien die porselein van hierdie vragte sou uitspoel, sou dit oor 'n groot gebied versprei lê. Sou die skerwe wat by Haga-Haga voorkom, van die Santo Alberto afkomstig wees, verklaar dit waarom dit oor so 'n uitgestrekte gebied verspreid is en hoofsaaklik uit dun skerwe bestaan. Die skerwe wat by Sunrise-on Sea gevind is, is meestal dié van groot voorwerpe en min skerwe wat op klein oop voorwerpe, soos kommetjies en borde dui. Dit is moontlik dat die groot houers voorrade bevat het en dat hierdie houers so lank moontlik aan boord gehou is vir latere gebruik.



Dit was egter anders in die geval van die skerwe in die Haga-Haga-omgewing, waar die Santo Espiritu na bewering gesink het. Die vermoede is egter dat die porselein wat hier uitspoel afkomstig is van die twee vrugte wat afgegooi is van die Santo Alberto net voordat dit die volgende dag by Sunrise-on-Sea gestrand het.⁵² Die groot hoeveelheid skerwe wat by Haga-Haga versamel is en deur verskeie persone aangebied is vir die doel van hierdie studie, was oorweldigend. Minstens 10 000 skerwe van hierdie omgewing is besigtig, waarvan 500 vir data-verwerking gebruik is. Die verskeidenheid motiewe en die noukeurigheid waarmee die meeste motiewe in skakerings van kobaltblou geskilder is, is opvallend. Soos in die geval van die vorige wrakke wat tot dusver bespreek is, is die indelings A, B en C, volgens die kwaliteit van die voorwerpe en die versiering daarvan ook hier toegepas.

Groep A-skerwe se randmotiewe is delikaat geskilder en beeld soms 'n hele natuurtoneel uit, waarvan sommige uitbeeldings voëls en/of insekte, klein diertjies soos rotte of bewers, en fungi insluit. Watertonele met lotus-reier-waterlyne kom ook as randmotief voor.⁵³ Hawe- of oewertonele met bootjies en pagodes, kom dikwels voor.⁵⁴ Boeddhistiese embleme, afgewissel met blomme aan lang stingels en takkies met blomme, blare en vrugte aan, is baie netjies en fyn uitgebeeld. Die meer herhalende motiewe kom saam met 'n gladde rand voor,⁵⁵ terwyl die randmotiewe wat 'n toneel voorstel of dié wat met delikate blom- en blare-motiewe beskilder is, saam met 'n kurwende rand uitgebeeld is.⁵⁶ Die rande van die meeste borde is smal en afgeplat, soos die van borde uit die Jiajing-tydperk, maar die sentrale vlak van die borde is groter en die cavetto-gedeelte vlakker. 'n Enkel- of dubbelyn is op die buiterand geskilder en volg die vorm van die kurwe. Enkele skerwe bevat gebosseerde versierings soos krul- of blommotiewe wat in die wande deur middel van 'n drukvorm in die kleiliggaam aangebring is.⁵⁷ 'n Paar skerwe kom voor waar medaljon-motiewe om die rand van borde geskilder is.

Baie van die skerwe bevat motiewe om die rand van borde, wat met Boeddhistiese simbole, geluksknoppe, (een van die agt Boeddhistiese simbole) en gestileerde blomme beskilder is. Die

⁵² Axelson, *Dias and his successors*, p. 57.

⁵³ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 1040).

⁵⁴ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 1015 en 1021).

⁵⁵ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 0485).

⁵⁶ *Ibid.*, (V. 40. Motief: 0461 en 0493).

⁵⁷ Vergelyk die verduideliking van die gebruik van 'n drukvorm in die werk van Miedema, *Kraakporselein en oorgangsgoed*, p. 7. Kyk ook addendum B (i), (V. 40. Motief: 0508 en 0651).

meeste hiervan val in Groep B. Hierdie motiewe toon almal 'n haastige tekenstyl met die inkleding van die “wash” onnet oor die lyne. Die buitelyne is in medium dikte uitgevoer en die “wash” is byna dieselfde dowwe grys-blou tint. 'n Sub-groep met soortgelyke motiewe kom voor, wat nog meer onnet geskilder is. Die sentrale motiewe wat by hierdie groep voorkom, bevat “fenghua”-voëls⁵⁸ of akkedis-drake met dubbele sterte.⁵⁹ Voorwerpe met hierdie randmotief is glad en die lyn naaste aan die buiterand het dikwels ingevloei in die glasuur. Die agterkant van hierdie randmotiewe is sonder enige versiering en selfs nie eens 'n lyn rond die rand af nie. Hierdie groep, veral die medium grootte borde, is 'n afsonderlike groep en is beslis in groot hoeveelhede geproduseer, en kan as 'n minder fyn variasie van Groep B beskou word.

Randmotiewe met waterplante en reiers kom op baie skerwe voor wat by Haga-Haga versamel is.⁶⁰ Dié randmotiewe, saamgestel uit 'n verskeidenheid waterplante met reiers tussenin het almal vyf lyne wat deur die motief strek en stel waarskynlik water voor.⁶¹ Baie van die skerwe wat by Haga-Haga versamel is, toon cavetti wat onversierd is, met die rand- en sentrale motief afgebaken deur dubbele sirkels. Twee skerwe kom voor waar die sentrale uitbeeldings op borde, 'n gekartelde lyn rondom die sentrale motief, omsluit deur 'n sirkel. Al die ander sentrale motiewe word slegs met 'n dubbele sirkel omring.⁶² Misugi beskou die borde met die gekartelde lyne as uitvoerware wat aan die einde van die Jiajing-tydperk tot in die vroeë Wanli-tydperk gemaak is, en sê dat die produksie van hierdie styl, wat hy as proto-kraak beskryf, tot in die tweede helfte van die 16de eeu geduur het.⁶³ Hierdie stelling dien om te motiveer waarom die motiewe wat op die skerwe van Haga-Haga voorkom, by 'n vroeër tydperk as 1608 (waarin die Santo Espiritu gesink het) inpas, en eerder as 1593 beskou kan word.

Randmotiewe wat bestaan uit 'n lotus-reier-waterlyne-kombinasie beeld meestal watertonele en hawetonele as sentrale motief uit.⁶⁴ Waterplante met reiers, pagodes,

⁵⁸ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0407).

⁵⁹ Ibid., (V. 40. Motief: 0816).

⁶⁰ Vergelyk die sentrale motief op die Kilburn-bord in Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, p. 138 fig. A. 153, en p. 134, fig. A. 152.

⁶¹ Hierdie randmotief is in groot getalle teenwoordig tussen skerwe wat by Haga-Haga versamel is. Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 1040).

⁶² Latere kraakmotiewe bevat stervormige sentrale indelings.

⁶³ Kyk: Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, vol. I, p. 137.

⁶⁴ Dit sluit nie lotusdammetjies (“lotus ponds”) as motief in nie.

bootjies, eilande en bome kom op heelwat skerwe voor wat by Haga-Haga versamel is.⁶⁵ Elke motief is effens anders uitgebeeld waarvan sommige bote en/of pagodes insluit en die meeste uitbeeldings toon 'n denneboom op die voorgrond. Op een skerf is daar 'n sneeu-bedekte pagode met besondere skakerings in helder blou kobalt uitgebeeld.⁶⁶ Die meeste van hierdie uitbeeldings is noukeurig en in groot detail geskilder. Die motiewe is netjies uitgevoer in 'n goeie suiwer blou kleur en pas in sommige gevalle by Groep A in en ander by Groep B in, volgens die gehalte en versieringstyl daarvan. Volgens die skilderstyl en kwaliteit van die voorwerp, is dit waarskynlik by die hoofonde van Jingdezhen gemaak. Die cavetti van die meeste van dié borde is vlak en sonder insnydings, die rande is afgeplat en glad afgewerk, dit wil sê sonder kurwes. Die randmotiewe op die borde wat in die Kilburnversameling en die Dos Santos-paleis voorkom, is breër met veel meer detail geskilder as dié op die Haga-Haga-skerwe. Die sentrale motiewe wat saam met hierdie randmotiewe voorkom, het almal ook met water- en hawetonele te doen, maar verskille kom voor by die voorwerpe wat daarop uitgebeeld is. Al die borde met hierdie soort rande en sentrale motiewe wat in die Dos Santos-paleis voorkom, is as Jiajing gedateer,⁶⁷ maar dié motiewe kom nie by die Jiajing-wrakke voor nie maar wel by Haga-Haga, en dit kan daarom aanvaar word dat hierdie motiewe eers na 1554 gemaak is. Dit is meer waarskynlik dat dié motiewe in die Longqing-tydperk (1567-1572), of vroeg in die Wanli-tydperk (1573-1619) gemaak is.

Die afwerking van die basis (voetring of voetstuk) verklap gewoonlik of dit by die hoofonde geproduseer is al dan nie. Omdat die provinsiale oonde nie soveel aandag gegee het aan die afwerking van die voetstuk nie, kom daar soms onsuiverhede en sand daaraan voor.⁶⁸ Borde in die Gonçalves-versameling, toon voorbeelde waar dieselfde motiewe op uitgebeeld is, maar daar is verskille in kwaliteit tussen dié borde. Twee borde kom voor wat opsigtelik van 'n beter gehalte is as twee ander waarvan die styl en veral afwerking van die voetringe van 'n mindere gehalte is. Die voetringe is met 'n sterk helling gevorm en sand kom daaraan voor. 'n Rooskleurige ring wat deur ysteroksied in die klei veroorsaak word, is sigbaar waar die glasuur eindig. Al hierdie tekens dui daarop

⁶⁵ Vergelyk die sentrale motief op die Kilburn-bord in Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, fig. A. 153, p. 138 en fig. A.152, p. 134 met Addendum B (I). (V. 40. Motief: 1015)

⁶⁶ Addendum A., (V. 40. Motief: 1014).

⁶⁷ D. Lion-Goldschmidt, "Les porcelaines chinoises du palais de Santos", *Arts Asiatiques*, fig. 55, 56, 57 en 59.

⁶⁸ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, p. 134.



dat die twee borde by provinsiale oonde gemaak is, en die style nagevolg het van voorwerpe wat by die Jingdezhen-oonde gemaak is. Eienaardig genoeg, het hierdie twee borde elk 'n seël-merk op die basis,⁶⁹ wat by die ander genoemde voorbeelde in dieselfde museum ontbreek.⁷⁰ Normaalweg word aanvaar dat merke in onderglasuurblou op die basisse van Ming-porselein, 'n teken daarvan is dat die voorwerpe by die hoofonde gemaak is en nie by die provinsiale oonde nie. Pinto de Matos dateer al hierdie borde as komende uit die Jiajing-tydperk. Die porseleinskerwe van die São João en die São Bento-skeepswrakke, bewys egter dat hierdie styl nie voor 1554 voorkom nie, terwyl dit wel by die Haga-Haga-skerwe teenwoordig is. Derhalwe is dié motiewe waarskynlik eers teen die begin van die Wanli-tydperk gemaak.

By Haga-Haga kom heelwat skerwe voor waarop herte uitgebeeld is waarvan die rande onversierd is en die Lonqing-merk (1567-72) op die basis voorkom. Baie skerwe kom voor met die uitbeelding van herte tussen bome met wit botsels met 'n blou agtergrond in die negatief geskilder.⁷¹ Dit beteken dat die blou om die wit dele geskilder is, sodat die wit agtergrond die hoofmotief "uitlig". Hierdie uitbeeldings bevat, volgens 'n paar skerwe, dieselfde randmotief van lotus-reier-waterlyne wat hierbo bespreek is. 'n Bord met so 'n motief van bloeisels en botsels wat in die negatief geskilder is kom ook in die Groningen-museum voor en is gedateer as 1575-1600.⁷² Nog 'n bord met die botsels en herte in die negatief geskilder, kom in die Rijksmuseum in Amsterdam, Nederland, voor, maar die randmotief is saamgestel uit 'n natuurtoneel met blomme waartussen 'n skilpad, padda en 'n tor voorkom.⁷³ Skerwe met dieselfde randuitbeelding van paddas en torre kom ook by Haga-Haga voor en kon moontlik ook deel gevorm het van so 'n randmotief.⁷⁴ 'n Voorbeeld in die Gonçalves-museum bevat 'n soortgelyke uitbeelding van wit botsels op 'n blou agtergrond, maar met voëls op die takke uitgebeeld in plaas van herte. Maar die randmotief verskil effens en 'n seskarakter Jiajing-merk kom op die basis voor.⁷⁵ Die skilderstyl van hierdie borde kom ooreen met dié van die Haga-Haga-skerwe en kom waarskynlik van dieselfde oonde af. Tog dateer Pinto de Matos ook

⁶⁹ Die "jing zhi" seëlmerk is in 'n vierkant, in onderglasuur aangebring en beteken "goedgemaak". Kyk Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*, pp. 90-91.

⁷⁰ *Ibid.*, pp. 90-91, fig. 30 (CMAG 21 en 22).

⁷¹ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0657).

⁷² Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 80, fig. 55 (Inv. 1978-139).

⁷³ Jörg, *Chinese ceramics in the collection of the Rijksmuseum*, p. 56, fig. 36 (Inv. No. AK-RBK 1969-18).

⁷⁴ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0664 en 0620 en 0621)

⁷⁵ Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*, p. 92-92, fig. 31 (CMAG 6)

hierdie bord, soos sovele ander met 'n soortgelyke styl, as behorende tot die Jiajing-tydperk.⁷⁶ Die vermoede is dat die Jiajing-regeringsmerk waarskynlik eers nà dié tydperk, of moontlik baie laat in die Jiajing-tydperk op porselein gebruik is, want geen merke van dié tydperk is onder die Jiajing-skerwe by die São João- en die São Bento-wrakke gevind nie. Jörg meen dat die versiering in die negatief geskilder, selde op kraakporselein voorkom, en dat hierdie borde beperk is tot 'n klein groepie wat moontlik van 'n bepaalde oond gemaak is.⁷⁷ Rinaldi dateer dié borde wat met haar indeling van randmotiewe, "Border II" ooreenkom tussen 1575-1600. Sy is van mening dat die aaneenlopende randmotiewe deur die Portugese aangekoop is, hoewel dit ook in Nederland se versamelings voorkom en moontlik deel van die VOC-handel gevorm het.⁷⁸

Natuurtonele wat water en voëls insluit, kom ook as sentrale motiewe voor. Sommige uitbeeldings is besonder fyn geskilder en word as Groep A geklassifiseer, terwyl die ander as Groep B geklassifiseer word. Een unieke uitbeelding wat nie in enige ander museum of versameling teëgekomp is nie, toon 'n toneel met 'n egalige sagte perserige blou agtergrond waarby 'n reier in donkerder blou op die voorgrond is. Hierdie uitbeelding is baie delikaat uitgevoer volgens die Groep A-gehalte. Die randmotief van dié bord toon 'n vertikale verdeling met dubbele lyne wat van die cavetto af strek, waar binne daar fyn geskilderde plantmotiewe voorkom. Die sentrale motief is in sommige gevalle deur 'n dubbele sirkel omsluit, maar by tye is die sentrale motief eers omsluit deur 'n stervormige paneel, binne die dubbele ring. Die fatsoen van die borde met dié styl, loop met 'n egalige kurwe na die rand toe uit, en bevat nie 'n afgeplatte rand nie. Die rande is meestal gelob. Die motiewe wat op hierdie fatsoen borde dui, toon feitlik almal baie delikate uitbeeldings van 'n verskeidenheid blom- en blaarsoorte, klein voëltjies met oopgespreide vlerke, eende, reiers, paddas, rotte, bewers, herte en insekte soos bye, torre en naaldekokers en vlinders, en is in ewe delikaat geskilderde landskappe uitgebeeld.⁷⁹

By die Haga-Haga-skerwe is branders ook dikwels in die sentrale deel van 'n oop vorm, soos komme of borde uitgebeeld en onder om vase, of om die halse van flesses. Dié uitbeeldings bevat soms meer as een brandervorm, soos halfmaanvormige en regop of

⁷⁶ Ibid.

⁷⁷ Jörg, *Chinese ceramics in the collection of the Rijksmuseum*, p. 56.

⁷⁸ Ibid.

⁷⁹ Motiewe soos geïllustreer is in: Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0502, 0499, 0467, 0596, 0650-1 en 0674).

“serpentine”-brandermotiewe. Laasgenoemde brandermotief is rondom die nekke van vase uitgebeeld.⁸⁰ ’n Uitsonderlike motief wat in die sentrale gedeelte van oop vorms uitgebeeld is, bestaan uit vierkantige of diamantvormige blokke waarin daar ’n saamgestelde blaarmotief in elke hoek voorkom met ’n bloeisel of ’n lotusblom in die middel daarvan.⁸¹ Die enigste ander motief wat teëgekomp is om hiermee te vergelyk, is ’n randmotief om ’n vaas, wat in die Amaral Cabral-versameling voorkom.⁸² Dié vaas is as afkomstig uit die Wanli-tydperk gedateer en pas dus in by die tydperk van die skerwe wat by Haga-Haga voorkom.

By Haga-Haga is enkele skerwe gevind wat tekens toon van die gebruik van ’n drukvorm wat ’n rif in die liggaam van die klei gelaat het, maar dit is beperk tot enkele riwwe wat vertikaal om die rand versprei is. Skerwe van kommetjies kom voor waarvan die buitewande gerib is en met ’n blou enkel- of dubbellynn verdeel is. Die ribbe dui daarop dat hierdie kommetjies in ’n drukvorm of “mould” gemaak is. Die buitewand is in ses tot agt panele verdeel en herte- en die “cakra”-motiewe, een van die agt Boeddhistiese simbole, kom daarin voor.⁸³ Ongelukkig is geen skerwe gevind om te toon hoe die sentrale motief in die bodem van die kommetjie daar uitgesien het nie. ’n Raaiskoot sou wees dat hierdie kommetjies ’n hert tussen “cakra”-motiewe en plante as sentrale motief bevat het, soos op voorbeelde wat voorkom in die Ardebil-heiligdom. Dié kommetjies is gedateer as die tweede helfte van die 16de eeu en kom dus ooreen met die Haga-Haga-skerwe.⁸⁴ Dit onderskryf weer die datering van die skerwe wat by Haga-Haga voorkom. Die vermoede is dat hierdie soort kommetjies en die uitbeeldings daarop net in die laat 16de eeu gemaak is, want dit kom in Portugese versamelings voor, maar is selde in ander versamelings gesien.⁸⁵ Daar kom ook nie enige van die kommetjies met hierdie spesifieke versierings tussen die skerwe van die Witte Leeuw voor nie. Pinto de Matos verwys wel na skerwe van hierdie kommetjies wat ook by die Witte Leeuw sou voorkom, maar die

⁸⁰ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0552).

⁸¹ Ibid., (V. 40. Motief: 0477).

⁸² Pinto de Matos, *Azul e Branco da China*, pp. 118-119, fig. 40.

⁸³ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0651).

⁸⁴ Misugi, *Chinese porcelain collections in the Near East*, vol. 1, p. 255, fig. 176, (Inv. 29 389).

⁸⁵ Pinto de Matos, *Chinese export porcelain*, p. 114, fig. 46 (CMAG 39), p. 115, fig. 47 (C MAG 47),

publikasie en die pagina wat sy aanhaal, toon geen uitbeelding of beskrywing daarvan nie, en is dus verkeerd aangehaal.⁸⁶

Kommetjies met ander vorms is van gemiddelde grootte, tussen 70 mm en 120 mm hoog en kleiner tot baie klein met dun wande en delikate versierings. Klein delikate dekseltjies kom voor met ewe fyn versierde motiewe daarop. Skerwe van groot voorwerpe met goeie rondings wat dele was van groot vase of flesse is ook by dié wrak teenwoordig, asook skerwe van die boonste dele van vase of flesse. Verskeie skerwe wat dui op kendis in die vorm van paddas, was ook deel van die vrag.⁸⁷

Die styl van versiering is uit Groep B en sluit veral skerwe van groot houers in. 'n Groot deel van 'n deksel wat versier is met driehoekvormige panele met skubmotiewe en stringe juwele, kom voor. Ander skerwe wat op groot houers dui, bevat motiewe waarop wolkpanele uitgebeeld is waarvan die agtergrond met geometriese motiewe ingevul is. Geometriese motiewe soos vlegwerk op die skouers van groot vase en op deksels kom ooreen met dié wat by Sunrise-on-Sea versamel is en reeds bespreek is. Behalwe hierdie motiewe, kom feitlik geen ander geometriese invulmotiewe voor nie, en die tipiese geometriese motiewe wat met die kraakstyl verbind word.

Motiewe wat met mitologiese diere verband hou, soos drake en “fenghuang”-voëls, is tot groepe B en C beperk. Die uitbeelding van likkewaanagtige drake en die “fenghuang”-voëls, met kurwende halse met eenaardige los hare, is die enigste suiwer Chinese mitologiese motiewe wat onder die skerwe by Haga-Haga voorkom. Dié voëls het groot amandelvormige oë wat byna die volle grootte van die kop is, met lang gekrulde serte. Die bene bestaan uit 'n enkele lyn met besonder lang tone. Hierdie uitbeelding is vergesel van stervorms en ander klein voëltjies en die toneel stel beslis iets voor. Die motief is omring deur onegalige wolkagtige vorms, waarvan sommige slegs as los strepies voorkom. Die kleiliggaam is spierwit en hard en die cavetti is onversierd. Die rande van hierdie groep skerwe is glad afgewerk en stewiger as die meeste ander skerwe wat by Haga-Haga voorkom. Die randmotiewe wat dié uitbeelding vergesel, bestaan uit Boeddhistiese simbole, blomme en linte. Geen versierings is aan die agterkante van hierdie borde teenwoordig nie. Die draakmotiewe is in sommige gevalle redelik netjies in 'n goeie kleur blou uitgebeeld en pas

⁸⁶ Ibid., p. 115.

⁸⁷ Kyk Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0663), en Addendum (ii), Afbeelding: 6 (a) en (b).

in by Groep B, maar die meeste uitbeeldings is in die styl van dié in Groep C gedoen. Dié drake is bekend as die “lizard”- of horinglose draak en is meestal opgekrul as sentrale motief in oop vorms uitgebeeld. Hierdie drake het vele benamings maar sover vasgestel kan word, is die Chinese benaming daarvoor, “chi”-drake.⁸⁸ Al die drake het dubbele sterte wat in twee krulle uitloop, en word ook beskryf as “bifurcated tailed dragons”.⁸⁹ Die lyf is glad uitgebeeld, sonder skubbe (soos dié van akkedisse) en het welige reguit maanhare.⁹⁰ Hoewel hierdie ware waarskynlik by provinsiale oonde gemaak is, is die drake in ’n helder tot sagte suiwer blou uitgebeeld, maar in ’n slordige en sketsagtige skilderstyl.⁹¹ Daar kom nie ander soorte draakuitbeeldings by die skerwe van Haga-Haga voor nie. Die randmotiewe wat saam met die draakuitbeeldings voorkom, is smal aaneenlopende kurwende lyne wat onegalig geskilder is en verskil van dié wat saam met die “fenghuang”-voëluitbeeldings voorkom.⁹² Die cavetti van albei draak- en “fenghuang”-uitbeeldings, is sonder versierings en die sentrale motief is deur ’n dubbele sirkel omring. Enkele van hierdie motiewe bevat merke wat nie identifiseerbaar is nie en die meeste Chinese wat geraadpleeg is, kon dit ook nie lees nie.⁹³ Kirkman vertaal ’n soortgelyke karaktermerk wat op ’n skerf by Fort Jesus gevind is: “Chang shou”, wat ’n geluksimbool is.⁹⁴ Behalwe hierdie merke wat op sommige van die skerwe voorkom, is dit opvallend dat daar geen ander versierings aan die agterkante, of op die buitewande van die skerwe van die “fenghuang”- of draakuitbeeldings voorkom nie. Daar is ook nie sirkels in onderglasuurbloou op die basisse van hierdie skerwe nie, selfs nie waar merke die draakuitbeeldings vergesel nie. Die “fenghuang”- en die draakuitbeeldings dui op die produksie van die “minyao”-oonde wat vir die plaaslike bevolking bedoel is en is waarskynlik by provinsiale oonde vir die plaaslike mark gemaak. Tog verskil die uitbeeldingswyse van die “fenghuang”-uitbeeldings en die draakuitbeeldings soveel van mekaar dat dit waarskynlik by verskillende oonde geproduseer is. Die glasuur wat by die

⁸⁸ Die drake word ook “lion head dragons” genoem, waarskynlik as gevolg van die uitbeelding van die lang maanhare maar staan ook bekend as “lizard dragons”. Yeo and Martin, *Chinese blue and white ceramics*, p. 172, fig. 77, 135, beskryf hierdie drake as “mythical beasts, dragons with lion heads”.

⁸⁹ B. Keguan, *Chinese folk painting*, Beijing, 1991. Die draakmotief “ch’ih” is op skerwe gevind uit argeologiese vondse by die oonde van Guanying naby Jingdezhen, p. 126.

⁹⁰ Die motief kom ook in Kenia voor, maar is van ’n minderwaardige skilderstyl. Kyk J. Kirkman, *The Arab city of Gedi*, Oxford, 1954, p. 16., Fig. xv.

⁹¹ Addendum B (i), (V. 40. Motief: 0816).

⁹² Ibid., (V. 40. Motief: 0051 en 0102).

⁹³ Vergelyk die merk op die foto in L. V. Esterhuizen, “Chinese blue and white porcelain recovered from 16th and 17th century Portuguese shipwrecks on the South African coast”, *Revue annuelle de la Société française d’Étude de la Céramique orientale*, no. I, Oct. 2000, p. 97, fig., 8.

⁹⁴ J. Kirkman *Fort Jesus*, Oxford, 1974, p. 32, class 6 a.

draakuitbeeldings voorkom, vertoon byvoorbeeld besonder dik en blink teenoor die meer mat voorkoms van die glasuur van die “fenghuang”-uitbeeldings.

Die opname van die skerwe van Sunrise-on-Sea en Haga-Haga, toon dat oop vorms soos medium en kleinerige borde waarvan die rande smal en afgeplat is, die meeste by Haga-Haga voorkom. Die rande van hierdie skerwe is in die meeste gevalle gelob maar gladde rande is ook teenwoordig. Skerwe van medium en kleinerige kommetjies, waarvan die rande effens uitwaarts gekurf en gekartel is, kom in groot hoeveelhede voor. Skerwe wat deel is van hierdie klein tot medium grootte oop voorwerpe, maak sowat 67% van die totale aantal skerwe uit wat by Haga-Haga vir die data-opname gebruik is waarvan die meeste van die Groep A- en Groep B-kwaliteite is en slegs 'n klein persentasie van provinsiale kwaliteit van Groep C. Min groot vorms kom voor, terwyl talle klein dekseltjies ook tussen die skerwe gevind is, asook skerwe wat op groter houers met 'n nou bek-opening, dui. Dit is moeilik om by dié skerwe vas te stel of dit deel was van vase met lang nekke en of dié fatsoene deel was van houers waarop 'n deksel sou pas.

Die meeste voetringe en basisse wat by Haga-Haga voorkom, is goed afgewerk, skoon en sonder sandkorrels, tog is die voetringe nie met soveel sorg afgewerk as wat die geval met die Jijiang-skerwe is nie. Selfs die basisse van die voorwerpe wat minder netjies geskilder is en vermoedelik van die provinsiale oonde af kom, bevat minder onsuierhede as wat verwag is. Die voetringe is skoon afgewerk. Merke wat onder die bodem van voorwerpe voorkom, is gewoonlik deur 'n enkel- of dubbelring in onderglasuurblou omsirkel. Waar motiewe met Boeddhistiese motiewe op die rand van voorwerpe voorkom, is die rand glad en geen versiering kom aan die agterkant van die buitewand van hierdie borde voor nie.

Die enkel- en dubbelyn randverdelings wat op borde en op die buitewande van kommetjies voorkom, is die eerste tekens van die kraakstyl wat waar te neem is.⁹⁵ Die kommetjies, en die gebrek aan randverdelings waar binne lint- en juweelmotiewe voorkom, is die sterkste bewys dat die skerwe van Haga-Haga uit die tydperk voor 1600 dateer. Die tweede kraakeienskap wat voorkom, is die kurwende lyn wat 'n medaljon om

⁹⁵ Kyk Addendum C, Indeling-V.E., STYL 2: (iii).

die rande van borde vorm.⁹⁶ Hierdie kurwe herinner aan 'n bord wat in die 16de eeu vir 'n Portugese familie as opdragware gemaak is en 'n heraldiese wapen as sentrale motief bevat.⁹⁷ 'n Ander belangrike eienskap wat met die kraakstyl verbind word, is die gebruik van geometriese motiewe wat saam met die randverdelings en sentrale motiewe as invulmotiewe gebruik is. Dun skerwe van klein houers en borde asook twee groot deksels is ook by Haga-Haga gevind⁹⁸ en toon versierings waarin daar juweelmotiewe en tossels uitgebeeld is, maar die kenmerkende juwele binne smal panele, afgewissel deur breër panele as randmotief, ontbreek geheel en al by die skerwe van Sunrise-on-Sea en Haga-Haga.

Bykomende faktore wat die datering van die skerwe van Haga-Haga as laat 16de-eeus onderskryf, is die skilderstyl en kwaliteit van die uitbeeldings wat met groot sorg in helder kobaltblou in 'n verskeidenheid kleurtinte uitgevoer is en die glasuur wat 'n effens mat voorkoms het in teenstelling met die meer blink glasure van die 17de-eeuse skerwe. Die meeste 17de-eeuse kraakstyl-uitbeeldings is nie so noukeurig uitgevoer nie en hoewel daar ook verskillende kleurtinte gebruik is, is dit nie so netjies tussen die lyne geskilder as wat die geval is met versierings van die 16de eeu nie. Dit is eers met die styl van die Oorgangstydperk⁹⁹ waar daar weer aandag gegee is aan 'n meer noukeurige skilderstyl.¹⁰⁰

Om die bogenoemde redes, en na 'n vergelyking met voorwerpe wat uit ander wrakke verkry is en die teorieë met betrekking tot die ontwikkeling van kraakmotiewe wat deur ander navorsers in Hoofstuk VII bespreek word, is dit redelik seker dat die skerwe wat by Haga-Haga versamel is, voor 1608 dateer, en waarskynlik nie van die wrak van die Santo Espiritu afkomstig is nie.

⁹⁶ Ibid., STYL 2: (i).

⁹⁷ Rinaldi, *Kraak porcelain*, p. 84, fig. 62, (Guimet Museum, Inv. G-2665).

⁹⁸ Kyk Addendum C, Indeling-V.E., STYL 2: Afbeelding v.

⁹⁹ Die styl van hierdie tydperk word in Hoofstuk V breedvoerig uiteengesit.

¹⁰⁰ Kyk die uitmuntende uitbeelding in die werk van M. Butler, M. Medley en S. Little, *Seventeenth-century Chinese porcelain from the Butler family collection*, Virginia, 1990, p. 79, fig. 38.